


Aspekte van die Franse Barokstyl: Riglyne vir Blokfluitonderwysers by die aanleer van ornamentering

KARIN MARITZ



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in Musiek aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr. Maria Smit

Stellenbosch April 2003

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie tesis my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening:

Datum:

OPSOMMING

Blokfluit, as instrument, geniet 'n aktiewe belangstelling in Suid-Afrikaanse skole, tersiêre instansies asook in privaatonderrig. Ten spyte van hierdie belangstelling, word min onderwysers en studente aan goeie blokfluitspel en gespesialiseerde opleiding in die verskillende fasette rakende die vakgebied blootgestel.

Die blokfluit het tydens die Baroktydperk sy grootste ontwikkeling en gewildheid beleef. Dit is tydens hierdie tydperk wat die meeste repertorium vir die instrument gekomponeer is; derhalwe is dit die musiek waaraan die blokfluitspeler die meeste blootgestel word. Die Franse Baroktydperk maak deel uit van hierdie tydgleuf en heelwat repertorium is geredelik beskikbaar en word deur spelers aangebied, hetsy as deel van 'n eksamenprogram of as 'n keuse vir byvoorbeeld 'n eisteddfod. Dit blyk egter dat 'n gebrek aan agtergrondkennis om werke uit hierdie tydperk op 'n histories ingeligte wyse uit te voer 'n probleem by Suid-Afrikaanse blokfluitonderwysers en -spelers te wees. Die rede hiervoor kan 'n gebrek aan blootstelling wees. Die leemte kan nie sonder meer oorbrug word as daar nie 'n doelbewuste poging deur die onderwysers en studente daartoe aangewend word nie.

Hierdie studie se doel is om onderwysers en studente se entoesiasme aangaande Franse Barokmusiek aan te wakker en kennis daaroor te laat inwin ten einde dit in die praktyk sinvol te kan toepas. Die musikant van die een-en-twintigste eeu kan makliker objektief terugkyk na die ontwikkelinge wat tydens die Baroktydperk plaasgevind het as die musikant wat in die tyd geleef het. Die voorbeelde, uiteensettings en omskrywinge wat komponiste van daardie tyd nagelaat het, moet verkieslik as riglyne geïnterpreteer word, en nie as onbuigbare reëls nie. Dit is wel van uiterste belang dat hierdie riglyne - die versieringskuns, ornamentele gebruike, artikulasie, ongelykmatige ritmiese groeperings asook die agtergrondkennis rakende komponiste en repertorium - deeglik bestudeer word.

Met die nodige kennis en blootstelling sal goeie oordeel by die uitvoer van die Franse Barokmusiek sy beslag kry.

SUMMARY

As an instrument the recorder enjoys an active following in South African schools, in tertiary institutions and in private tuition. In spite of this healthy interest, few teachers and students are afforded significant exposure to essentially good recorder playing, nor do they receive specialised tuition in the various aspects of this field of study.

The development – and popularity - of the recorder reached a high point during the Baroque era. During this period the greatest repertoire for the instrument was composed. It is to this music that the player is mostly exposed. The French Baroque falls within the broader Baroque period and has provided a substantial repertoire that is freely available and regularly performed, either as part of an examination programme or as a self-study piece at eisteddfodau. It is clear, however, that among South African recorder teachers and students, the background knowledge required for a historically informed performance of pieces from this period is generally insufficient. The reason for this could be a lack of exposure to this particular style: a problem that cannot be overcome without a concerted effort on the part of the teachers and students to redress it.

The purpose of this study is to stimulate an enthusiasm for French Baroque music among teachers and students, and to provide them with a store of knowledge they can then apply in a meaningful way in practice. It is far easier for the musician of the 21st century to look back objectively at the developments of the Baroque period and to appreciate the prolific contributions of the musicians of the time. However, it is important to remember that the numerous examples, expositions and definitions left to us by the composers of the Baroque should be interpreted as guidelines, rather than rigid rules. It is of crucial importance that these guidelines – ornamentation and its conventions, articulation, variable rhythmic groupings, as well as a background knowledge of the composers and the repertoire – be subjected to an in-depth study.

Subsequently, by cultivating an instinct for good taste and judgment, justice will be done to the music of the French Baroque.

OPGEDRA AAN

MY OUERS

LUCRETIA EN WYLE RUDOLPH SAHLERTZ

VAN WIE EK NET LIEFDE, ONDERSTEUNING, ENTOESIASME EN BEGRIP DEUR
DIE JARE ONTVANG HET OM MY LIEFDE VIR MUSIEK TE KON BESTUDEER EN
UITLEEF.

BEDANKINGS

Ek bedank graag die volgende persone:

My studieleier, Dr. Maria Smit, vir haar bekwame leiding en kundigheid.

Die Direkteur van die Konservatorium en Voorsitter van die Departement Musiek, Universiteit van Stellenbosch, Prof. Hans Roosenschoon, vir sy ondersteuning.

My gesin, Kobus, Rudolph en Marco, vir hulle liefde, ondersteuning en geduld om vir my die geleentheid te gun om hierdie studie aan te pak.

My familie, vriende en kollegas vir hulle volgehoue belangstelling en ondersteuning.

Erna Meaker vir proeflees en Afrikaanse taalversorging van tesis.

Barbara Scholten en Monique Kadé vir Engelse taalversorging.

Karen Valentine vir tegniese advies.

Die personeel van die Konservatorium Biblioteek, in besonder vir Beulah Gericke en Frida Becker, vir hul vriendelike en professionele bystand, hulp en ondersteuning.

Die personeel van die Universiteit van Pretoria se Musiekbiblioteek, vir die opsporing van bladmusiek.

Irmgard Winkler-Haller, Dr. Paul Loeb van Zuilenburg en Prof. Neil Geldenhuys, wat my liefde vir blokfluit gedeel en verstaan het en hul kundigheid en entoesiasme op hul onderskeie unieke wyses aan my oorgedra het.

Al my studente, wat my inspirasie agter hierdie studie is.

INHOUD

Hoofstuk 1: Inleiding	1
1.1 Probleemstelling	1
1.2 Doel van studie	1
1.3 Metodologie	2
Hoofstuk 2: Die Ontstaansgeskiedenis van die Franse Styl	3
2.1 Inleiding	3
2.2 Die Franse Koninklike Hof	4
2.2.1 Koning Lodewyk XIV: Die Sonkoning	4
2.2.2 Musikale aanstellings aan die Koninklike Kapel	6
2.2.3 Jean Baptiste Lully	7
2.2.4 Die Koninklike Akademies	9
2.2.5 Die Musikale Akademies	10
2.2.5.1 Musiek van die Koninklike Kamer	10
2.2.5.2 Musiek van die Perderuiters	11
2.2.5.3 Musiek van die Koninklike Kapel	11
2.2.6 Die Koninklike Musikante	12
2.2.7 Frankryk en invloede van ander lande	13
2.2.8 Die kombinasie van style deur komponiste	15
2.2.9 <i>Concerts spirituels, concerts français en concerts italiens</i>	15
2.3 Quantz en die Franse styl	18
2.3.1 Quantz se vergelyking tussen die Italiaanse en Franse sangstyle	20
2.3.2 Quantz se vergelyking tussen die Italiaanse en Franse uitvoeringstyle	20
2.4 Opsomming	21

Hoofstuk 3: Artikulasie in die Franse Styl	23
3.1 Inleiding	23
3.2 Die Franse Artikulasie	23
3.3 Riglyne vir moontlikhede waar die Franse artikulasie aangewend kan word	27
3.4 Opsomming	31
Hoofstuk 4: <i>Inégalité</i> en <i>Égalité</i>	32
4.1 Inleiding	32
4.2 Omskrywing van <i>inégalité</i> deur onderskeie komponiste	32
4.3 Die Uitvoering van <i>inégalité</i>	34
4.4 <i>Lourer</i> , <i>couler</i> en omgekeerde <i>inégalité</i>	36
4.4.1 <i>Lourer</i>	36
4.4.2 <i>Couler</i>	38
4.4.3 Omgekeerde <i>inégalité</i>	39
4.5 Notering van <i>inégalité</i>	40
4.6 Gevalle waar <i>inégalité</i> vermy moet word	41
4.7 Gevalle waar aangedui word waar <i>inégalité</i> toegepas moet word	47
4.8 Tydmaataanduidings, posslae en <i>notes inégales</i>	48
4.9 Opsomming	50
Hoofstuk 5: Ornamentasie in die Franse Barokmusiek vir Houtblaasinstrumente	51
5.1 Inleiding	51
5.2 Gebruiksterminologie vir ornamentasie	51
5.3 Die indeling van ornamentasie	52
5.4 Die toepassing van ornamentasie	53
5.5 Essensiële versierings	54
5.5.1 <i>Accent</i>	55
5.5.2 <i>Chûte</i>	57
5.5.3 <i>Coulade</i> en <i>Tirata</i>	58

5.5.4	<i>Flattement</i>	61
5.5.5	<i>Pincé</i>	63
5.5.6	<i>Port de voix</i>	67
5.5.6.1.	<i>Port de voix simple</i>	68
5.5.6.1.1.	Die deurgaande <i>port de voix</i>	70
5.5.6.1.2.	Die matig vinnige <i>port de voix</i>	71
5.5.6.1.3.	Die lang (wisselende) <i>port de voix</i>	73
5.5.6.1.4.	Die kort <i>port de voix</i>	74
5.5.6.2	<i>Coulé</i>	76
5.5.6.3	Die <i>port de voix double</i>	76
5.5.6.4	Quantz en die <i>port de voix</i>	77
5.5.6.5	<i>Ports de voix</i> in kombinasie met dinamiese effekte en versierings	81
5.5.7	<i>Son enflé</i>	83
5.5.8	<i>Tour de chant</i>	85
5.5.9	<i>Tour de gosier</i>	86
5.5.10	<i>Tremblement</i>	89
5.5.10.1	<i>Tremblement simple</i>	90
5.5.10.2	<i>Tremblement lié</i>	90
5.5.10.3	<i>Tremblement detaché</i>	91
5.5.10.4	<i>Demi cadence</i>	91
5.5.10.5	<i>Cadence feinte</i>	92
5.5.10.6	<i>Tremblement appuyé</i>	92
5.5.10.7	<i>Tremblement tourné</i>	93
5.5.10.8	Vorbereide en onvorbereide <i>tremblements</i>	96
5.5.10.9	Losstaande en gebonde <i>tremblements</i>	96
5.5.10.10	Onvoltooide <i>tremblements</i>	98
5.5.10.11	<i>Tremblement</i> met 'n vooruitneming van die finale noot	99
5.5.10.12	Die kadensiële <i>tremblement</i>	100
5.5.10.13	Die halwe kadensiële <i>tremblement</i>	100
5.5.10.14	<i>Tremblement</i> wat van onder af voorberei word	101
5.5.10.15	<i>Tremblement</i> wat op die hoofnoot begin	101
5.5.10.16	Note wat met 'n skuifteken verhoog of herstel word	102

5.6. Ornamentele gebruike: <i>Doubles, passages, broderies</i> en <i>diminutions</i>	104
5.7 Opsomming	109
Hoofstuk 6: Komponiste se bydraes tot die Franse Barokrepertorium	110
6.1 Inleiding	110
6.2 Komponiste se bydraes tot die gebruik van die blokfluit in die Franse Barokrepertorium	112
6.2.1 Jean-Baptiste Lully	112
6.2.2 Die Hotteterre-familie	113
6.2.3 François Dieupart	117
6.2.4 Jean-Daniel Braun	118
6.2.5 Joseph Bodin de Boismortier	120
6.2.6 Marc Antoine Charpentier	121
6.2.7 Marin Marais	121
6.2.8 Philidor Fils Aîné	121
6.2.9 François Couperin	122
6.3 Aanvullende lys van Franse komponiste wat ook vir die blokfluit gekomponeer het	123
6.4 Opsomming	124
Hoofstuk 7: Primêre bronne uit die sewentiende en agtiende eeu	125
7.1 Bibliografie van primêre bronne uit die sewentiende en agtiende eeu	126
7.2 Opsomming	128
Hoofstuk 8: Opsomming en gevolgtrekking	129
8.1 Inleiding	129
8.2 Die Ontstaansgeskiedenis van die Franse styl	129
8.3 Artikulasie in die Franse styl	129
8.4 <i>Inégalité</i> en <i>égalité</i>	130
8.5 Ornamentasie in die Franse Barokstyl	130
8.6 Komponiste se bydraes tot die Franse Barokrepertorium	133

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING

Daar bestaan 'n wesenlike behoefte onder Suid-Afrikaanse blokfluitonderwysers en spelers aan opleiding ten opsigte van die Barokstyl. Onderwysers en studente kry nie plaaslik die vlak van blootstelling aan uitvoerings wat as riglyne gebruik kan word ter ontwikkeling van styleienskappe nie. Klankopnames is beskikbaar, maar dit verg ervaring om die goeie opnames te identifiseer. Daar is verskeie bronne oor die onderwerp beskikbaar, hoewel hierdie bronne nie altyd geredelik vir almal beskikbaar is nie en veral nie vir diegene wat nie gereelde toegang tot goed-toegeruste musiekbiblioteke het nie. Die Franse Barokstyl is geïdentifiseer as die vakgebied waarvoor daar die meeste onkunde en wanopvattinge bestaan.

Werkswinkels, lesings en terugvoering van blokfluitonderwysers het die volgende aspekte uitgelig:

- 1) dat daar slegs 'n beperkte aantal blokfluitonderwysers is wat oor die nodige kennis beskik om die Franse styl oor te dra;
- 2) dat die nodige entoesiasme onder blokfluitonderwysers teenwoordig is om opleiding in hierdie vakgebied te ontvang;
- 3) dat daar geen gepubliseerde bron in Afrikaans oor hierdie onderwerp bestaan wat spesifiek op die blokfluit gemik is, wat vir onderwysers as riglyn kan dien nie.

1.2 DOEL VAN STUDIE

Die doel van hierdie studie is eerstens om 'n Afrikaanse naslaanbron vir onderwysers en studente daar te stel wat hierdie vakgebied toegankliker sal maak en tweedens om aspekte van die Franse Barokstyl te identifiseer, te bespreek en praktiese voorbeelde te gee wat riglyne sal bied om werke uit hierdie genre op 'n histories ingeligte wyse¹ uit te voer.

¹ Die term "op 'n histories ingeligte wyse", in plaas van die meer bekende term "op 'n stilisties korrekte wyse", word deurlopend gebruik. "Stilisties korrek" beteken in wese "korrekte styl" of "volgens styl korrek". "Styl" word nou gemodifiseer om as't ware 'n nouer betekenis te verkry. Die historiese kundigheid is egter 'n voorvereiste om hierdie styl korrek te kan uitvoer. Hierdie term bring derhalwe ook die teorie (historiese) en die praktyk (uitvoering) in nouer konteks met mekaar.

1.3 METODOLOGIE

Die studie behels 'n opvoedkundige eerder as 'n analitiese benadering. Verskeie erkende bronne oor die onderwerp is bestudeer, definisies is vergelyk en deurgegee, en notasievoorbeelde word ter illustrasie aangebied. Kritiese kommentaar van artikels uit tydskrifte en joernale word nie betrek nie ter wille van die tesis se instruktiewe doelwitte. Voorbeelde van werke uit die Franse Baroktydperk word nie in geheel vryelik geornamenteer nie. Franse Barokkomponiste het besliste riglyne neergelê oor hoe die Franse styl uitgevoer moet word, en hierdie riglyne word gehandhaaf. Bestaande definisies word nie herformuleer of anders geïnterpreteer nie.

Die ontstaansgeskiedenis van die Franse styl word in Hoofstuk Twee bespreek; dit sluit die verwikkelinge rondom die Hof van Lodewyk XIV en die invloed wat dit op die musikale bedrywighede in en om die Hof gehad het, in. Hoofstuk Drie bespreek die verskillende artikulasie wat op houtblaasinstrumente (in besonder die blokfluit) van die Franse Baroktydperk van toepassing was. Hoofstuk Vier handel oor ritmiese ongelykmatige en gelykmatige groeperings: *inégalité* en *égalité*, en die integrale rol wat dit ten opsigte van die Franse Barokstyl vervul. In Hoofstuk Vyf word ornamentasie in sy geheel bespreek: die versierings (*agréments*) asook die ornamentele gebruike soos *diminutions* en *passages*. Hoofstuk Ses lig belangrike komponiste se bydraes tot die blokfluitrepertorium uit en veral die rol en invloed van die Hotteterre-familie word bespreek. Hoofstuk Sewe bevat 'n bibliografie van enkele van die bekendste primêre bronne uit die sewentiende en agtiende eeu. Die Diskografie bevat besonderhede van klankopnames van Franse Barokmusiek. Bylae A toon versieringstabelle van D'Anglebert, Hotteterre en Couperin ter verduideliking van die uitvoering van versierings. Bylae B bevat werke uit die blokfluitrepertorium wat verteenwoordigend is van die Franse Barokstyl. Voorbeelde van *inégalité*, *égalité* en versierings soos dit voorkom in hierdie werke word in Hoofstukke Vier en Vyf genoem.

HOOFSTUK 2: DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE FRANSE STYL

2.1 INLEIDING

Die bestudering en/of uitvoering van musiek uit die Franse Baroktydperk van die sewentiende en agtiende eeu behoort ook 'n studie van die geskiedenis rondom die koningshuis en era van heerskappy van Koning Lodewyk XIV, ook bekend as die Sonkoning, in te sluit. Die onderskeie Akademies van die tydperk moet ook bestudeer word, want dit is hier waar komponiste en musikante die unieke Franse styl begin het, ontwikkel het en vasgelê het. Geen ander nasie het 'n meer ingrypende hiërargiese en burokratiese organisasie gehad as dié van die Franse nie. 'n Insig in die historiese agtergrond waarteen hierdie unieke tydperk in die Franse geskiedenis hom afgespeel het, skep 'n duidelike beeld waarom die Franse styl veel meer bied as die blote korrekte uitvoering van die onderskeie ornamentele gebruike van die tyd.

Franse musiek beskik oor unieke kwaliteite wat dit duidelik onderskei van musiek uit die Duitse en Italiaanse Baroktydperk. Uitdrukking in die musiek word bepaal tot byna tiperend van aard. Persoonlike voorkeur, vryheid van interpretasie word grotendeels vermy met die uitvoering van werke wat in hierdie styl gekomponeer is. Die komponis hou bepaalde riglyne en vorme in gedagte by sy komposisies om 'n doelgerigte stilistiese idioom na vore te bring en om deur die speler ontgin en uitgevoer te word (Leichtentritt 1946:131).

Die bewoording "met die Koning se goedkeuring" (*avec privilege du Roi*), het aan 'n komponis toestemming verleen om musiek te publiseer en te versprei. Die doel agter hierdie ongewone vorm van "sensuur" was om uiteindelik die musikale bedrywighede te manipuleer en beheer. Die komponis Jean Baptiste Lully het dan ook daarin geslaag om die uitvoer- en publikasieregte op byna alle Franse musikale

bedrywighe te verkry. Dit het hom dan ook in staat gestel om mededingers en kompetisie vir hom beter te beheer (Laurin 1995:4).

Franse Barokmusiek is vir 'n geruime tydperk beïnvloed deur koninklike seremonies asook die talle balletproduksies wat uitgevoer is. Hofdanse is verfyn tot komplekse rituele om heerskappy en etiket te demonstreer. Musiek het deel uitgemaak van die alledaagse lewe van die volk. Lodewyk XIV se doen en late binne en buite die hof het altyd met musikale begeleiding geskied. Slegs die beste musikante en komponiste se dienste is hiervoor gebruik. Die aanvraag na nuwe komposisies het uitgebrei namate die konsertuitvoerings uitgebrei en vermeerder is. Beping van 'n instrument en onderrig in komponering en dans het deel uitgemaak van die algemene opvoedkundige sisteem. Hierdie faktore het bygedra tot die ontwikkeling van 'n hoogs-gesofistikeerde musikale genre. Die Franse Hof se aandrang op etiket en die aanvraag na verfynde vermaak het verdere karakter verleen tot hierdie styl (Laurin 1995:4).

2.2 DIE FRANSE KONINKLIKE HOF

2.2.1 Koning Lodewyk XIV: Die Sonkoning

Die hof van Lodewyk XIV van Versailles, Frankryk, verteenwoordig een van die skouspelagtige manifestasies van die Baroktydperk (Leichtentritt 1946:131). Met die afsterwe van Kardinaal Mazarin op 9 Maart 1661, het die drie-en-twintigjarige Lodewyk XIV heerskappy oorgeneem van die Franse Ryk.

Met sy heerskappy aan die Franse Hof het een van die kleurrikste episodes in die geskiedenis van die Franse sowel as Europese absolutisme aangebreek (Hindley 1978:221). Hy het homself as sy eie eerste minister aangestel om 'n herhaling van

die magsbeheptheid van Kardinaal Richelieu en Kardinaal Mazarin te voorkom¹. Deur die adelstand uit sy raad te elimineer, het hy derhalwe hulle mag ingeperk en gereduseer tot byna slegs 'n "dekoratiewe" sosiale funksie (Anthony 1997:17).

Om hom te help om sy take te verrig, het Lodewyk XIV talentvolle en ambisieuse mense uit die middelklas aangestel om, in die Hertog van Saint-Simon se woorde, sodoende die heerskappy van die lae burgery² (Frans: *vile bourgeoisie*) tot stand te bring. Onder hierdie aanstellings was Jean-Baptiste Colbert, Michel Le Tellier en die Markies van Louvois (Anthony 1997:17). 'n Onvermydelike, byna hiërargiese, administrasie het ontstaan om al die musikale bedrywighede te hanteer. Die nota "in uitdruklike opdrag van Sy Majesteit" is bo-aan alle komposisies aangebring en het gevarieer van *pièces d'occasions*³ (byvoorbeeld die "*Airs de trompettes, timbales et houtbois fait par Mr. Lully*" vir die *carrousel*⁴ van die Kroonprins in 1686) tot die *grands motets*⁵ wat vir die Koninklike Kapel (*Chapelle Royale*) deur onder andere Henry Dumont, Pierre Robert en Jean-Baptiste Lully gekomponeer is (Anthony 1997:18).

Koning Lodewyk XIV was geen amateur op die gebied van die kunste nie. Hy ontvang reeds vanaf vyfjarige ouderdom onderrig in ballet. Sy instrumentale vaardighede het gestrek oor 'n wye spektrum: hy bespeel die viool, kitaar en klavesimbel, alhoewel hy nie as 'n hoogs bedrewe en vaardige musikant gereken word nie. Hy word in latere jare gereken as 'n bedrewe musiekkritikus (Hindley 1978:220).

Meer as enige van sy voorgangers en tydgenote, het hy hom persoonlik beywer vir musikale uitbreiding en ontwikkeling, veral met die verskuiwing van die Koninklike

¹ In sy *Mémoires* skryf Lodewyk XIV: "Above all, I was resolved not to have a prime minister, there being nothing more shameful than to see, on the one hand, all the power, and, on the other, the mere title of king" (Anthony 1997:17)

² Bosman, D.B., van der Merwe, I.W. en Hiemstra, L.W. 1979:120

³ Werke wat vir 'n spesifieke geleentheid gekomponeer is

⁴ 'n Ryfees of toernooi. Nederlands: "ridderspel" of "ruiterfeest" (Van Wely 1987:92)

⁵ 'n Motet van groter omvang. In teenstelling met *petits motets*: korter motette (Anthony 1997:217)

Hof na Versailles in 1682. Leermeesters vir sy persoonlike behoeftes ten opsigte van onderrig vir sy familie is met groot sorg uitgesoek en aangestel: Richard Delalande as leermeester vir sy dogters Mademoiselles de Nantes en de Blois; Marc-Antoine Charpentier as komposisieleermeester vir sy neef Philippe II van Bourdon, François Couperin vir die Kroonprins, die Hertog van Bourgogne, asook die ses prinse en prinsesse van die koninklike familie (Anthony 1997:18).

Musiek was deel van die koning se private en openbare lewe. Salarisse van die *Petits Violons du Roi*⁶ is uit sy private toelae verhaal. Hy het nie gehuiwer om opera- en balletuitvoerings sowel te prys as te kritiseer nie en dikwels het hy self die regie waargeneem.

Die invloed van hierdie koninklike passie was oorweldigend. Musiek liefhebbers, burgerlikes en aristokrate was gretig om uitvoerings by te woon wat die koning se goedkeuring in Versailles weggedra het.

2.2.2 Musikale aanstellings aan die Koninklike Kapel

Met die ontstaan van 'n vakature as musikant het die koning voornemende aansoekers streng gekeur. Slegs musikante wat perfek aan al die vereiste kwaliteite van die taak as musikant aan die Koninklike Kapel kon voldoen, is aangestel.

In sy poging om musikante van formaat op te spoor, het die koning kompetisies gehou waar musikante kon meeding om die beste uitvoering. Die eerste hiervan was vir die aanstelling van vier assistent-leermeesters (*sous-maîtres*) vir die Koninklike Kapel in 1663. Hierdie aanstellings is gevul deur Du Mont, Gabrielle Expilly, Robert en Thomas Gobert. Vyftien jaar later het die volgende kompetisie die aanstelling van

⁶ 'n Strykensemble wat in ongeveer 1648 gestig is, aanvanklik uitsluitlik om die jong Lodewyk XIV te vermaak. Die ensemble word toegewys aan Lully na sy aanstelling as Hoofdkomponis aan die Koninklike Hof in 1653 en tree nog op tot ongeveer 1715 (Anthony 1997:21).

vier orreliste aan die Koninklike Kapel tot gevolg gehad: Guillaume-Gabriel Nivers, Nicolas-Antoine Lebègue, Jacques Thomelin en Jean-Baptiste Buterne.

2.2.3 Jean-Baptiste Lully (Giambattista Lulli)

Jean-Baptiste Lully (1632-1687), soos hy tydens sy leeftyd en verbintenis met die Franse Hof bekend gestaan het, is as Giambattista Lulli in Florence, Italië gebore. Sy eerste kennismaking met die Franse hof was as veertienjarige seun toe hy as danser en vioolspeler deur die Ridder van Guise (*Chevalier de Guise*) vanaf sy tuisdorp, Florence, Italië, na die Franse hoofstad, Parys, gestuur is om in diens te wees van Guise se niggie, Anne Marie Louise d'Orléans, hertogin van Monpensier. Guise het Lully se aanstelling as hofknaap (*garçon de chambre*) omskryf. Hy moes onder andere die hertogin se Italiaanse taalvaardighede verbeter. Lully versoek haar in 1652 om hom van sy pligte te verlig, 'n versoek wat sy sonder teenkanting toestaan omdat sy hom ook as 'n baie goeie danser beskou het (Anthony 1997:54).

Lully sluit hom aan by die Koninklike Teatergeselskap en op 23 Februarie 1653 dans hy as twintigjarige saam met Lodewyk XIV in *Ballet de la nuit*. Sy natuurlike aanvoeling vir die koninklike etiket asook die feit dat hy die koning se liefde vir dans fisies met hom op die verhoog gedeel het, het sy vinnige opgang aan die koninklike hof bespoedig. Hy het in 'n baie kort bestek van tyd 'n prominente deel van die koninklike huishouding geword (Hindley 1978:222). Koning Lodewyk XIV was so beïndruk met die jong Lully dat hy hom minder as 'n maand na die balletuitvoering aanstel as Komponis van Instrumentale Musiek aan die Koninklike Hof (*Compositeur de la Musique instrumentale du Roi*), in opvolging van Lazarini, wat die posisie tot en met sy dood beklee het (Anthony 1997:19). Dit was nie net die begin van 'n uiters produktiewe loopbaan vir Lully nie, maar ook die begin van sy hegte vriendskap en verbintenis met Lodewyk XIV, die Sonkoning, Europa se magtigste heerser van die tyd (Anthony 1997:53).

In samewerking met die librettis Philippe Quinault, stel Lully dit vir homself ten doel om minstens een nuwe liriese drama per jaar op te voer. Die temas van hierdie werke was oorwegend mitologies of semi-histories - almal aangepas volgens die Franse

styl. Dit het geopen met 'n overture in Franse styl, 'n *grave*-gedeelte gevolg deur 'n fugale seksie. 'n Prelude tot eer van die koning het dan gevolg. Vyf bewegings van deklamatoriese resitatiewe, koorgedeeltes en arias met heelwat danse tussen-in, het dit afgesluit (Hindley 1978: 222).

Aanvanklik spits Lully hom uitsluitlik toe op die komposisie van ballette vir die hof. Tussen 1654 en 1671 komponeer hy ses-en-twintig ballette. Hierdie genre het vir Lully as proefbasis gedien waarin hy die verskille in die onderskeie style van sy geboorteland, Italië, en Frankryk, kon vergelyk en differensieer (Anthony 1997:54).

Lully se onmiddellike sukses is ongetwyfeld toe te skryf aan sy talente as musikant. Hy het hierdie talente, kennis en ervaring in die kunste as violis, danser, komponis, akteur en sanger op 'n meesterlike wyse gekombineer met verrykende gevolge. Sy werke het verskeie fases ondergaan. In die proses het *grand ballets*⁷, *comédies-ballets*⁸, *pastorales*⁹ (volgens die vroeg sewentiende-eeuse Franse *pastorale*), *tragédies-ballets*¹⁰ asook godsdienstige werke die lig gesien.

Die intellektuele grootsheid om 'n styl te skep en te vorm is juis die eienskap wat Lully sy plek in die geskiedenis en ontwikkeling van die Franse Barokstyl besorg het. Lully alleen het vermag wat 'n hele generasie komponiste saam in Italië en Duitsland tot taak gestel is: om 'n unieke (Barok) gees en die karakteristieke eienskappe daarvan te ontgin. Die invloed van sy werk blyk duidelik uit die feit dat die riglyne wat hy vir die Franse opera gestel het, vir vyf-en-sewentig jaar na sy dood nog gehandhaaf is

⁷ 'n Voorloper van die opera *finale*: 'n tipe afsluitings-beweging van die ballet. Dit is deur dansers van die Koninklike Hof gedans, die sogenaamde *grands seigneurs*, en ten minste een keer per jaar deur Lodewyk XIV self.

⁸ 'n Franse ballet wat dateer uit die sewentiende eeu (Ottermann & Smit 2000:58). Dit is saamgestel uit musiek (arias, duette) en dans binne die konteks van komiese idioom en is afgewissel met tussenspele, sogenaamde *intermèdes* (Anthony 1997:73)

⁹ Musiek wat handel oor die landelike lewe (Ottermann & Smit:2000:188). Die Franse *pastorale* is geskoei op 'n kombinasie van die Italiaanse dramatiese *pastorale*, met sy klassieke mitologiese inslag, en die Spaanse *pastorale* met sy beeld van skaapwagters en weivelde (Anthony 1997:84)

¹⁰ 'n Ernstige ballet.

(tot en met die laaste van Rameau se werke en die begin van Gluck se werke) (Leichtentritt 1946:132).

Dit is hierdie eienskappe wat die voornemende uitvoerder van enige musiek uit hierdie stylperiode sterk in gedagte moet neem en bestudeer. Franse Barokmusiek het 'n besliste doel en agtergrond en sonder die nodige insig, kennis en agtergrond van veral die rol wat Lully onder andere gespeel het in die ontwikkeling daarvan, sal die musiek nie in die ware gees van die tyd uitgevoer kan word nie.

2.2.4 Die Koninklike Akademies

Die laat sewentiende eeu was 'n tydperk waarin omvattende administratiewe veranderinge in Frankryk plaasgevind het. Hierdie veranderinge het die heersende regering die geleentheid gebied om die land meer effektief te regeer en het ook derhalwe Lodewyk XIV se mag uitgebrei. Binne die bestek van 'n dekade het Jean-Baptiste Colbert (?-1683), 'n handelaar en administrateur van beroep, vyf nuwe Akademies gestig met die doel om 'n nuwe dimensie aan die Franse artistieke en intellektuele lewe te bied (Anthony 1997:18). Met die Akademies tot sy beskikking kon die Sonkoning die adelstand beheer en kon die kunste as medium dien om 'n beeld te beklemtoon wat in alle vlakke van die samelewing deursigtig moes wees. Colbert se Akademies was ook uit 'n ekonomiese oogpunt baie suksesvol: kuns en kultuur kon uitgevoer word na die Europese kulturele samelewing en sodoende die invloed daarvan verder versprei as die grense van Frankryk.¹¹

In sy passie na strewende en orde op alle vlakke van die samelewing het Colbert tussen 1661 tot en met sy dood in 1683 die samestelling en inwerkingtrede van die Koninklike Akademies laat realiseer. Hierdie Akademies sou die sistematiese van alle artistieke en intellektuele bedrywighede rondom die era tot gevolg hê.

¹¹ 'n Betrekklike klein land soos Swede het onder meer die Frans-geïnspireerde hofballette met groot entoesiasme begroet en opgevoer en selfs so ver gegaan as om een van Frankryk se grootste filosowe, René Descartes, in Swede te laat bly en werk tot en met sy dood. (Laurin 1995:4).

Tot en met 1661 het slegs die Franse Akademie (*Académie Française*; gestig in 1635) en die Koninklike Akademie vir Skilderkuns en Beeldhouwerk (*Académie Royale de Peinture et de Sculpture*; gestig in 1648) bestaan (Anthony 1997:17).

Die vyf Akademies wat Colbert gestig het is:

1. Die Koninklike Akademie vir Dans (*Académie Royale de Danse*: 1661)
2. Akademie vir Literatuurstudie (*Académie des Inscriptions et Belles Lettres*: 1663)
3. Die Akademie vir Wetenskap (*Académie des Science*: 1666)
4. Die Akademie vir Opera (*Académie d'Opéra*: 1669. Dit word in 1672 hernoem na die *Académie Royale de Musique*)
5. Die Koninklike Akademie vir Argitektuur (*Académie Royale d'Architecture*: 1671)

2.2.5 Die Musikale Akademies

Die musiek aan die hof was in drie hoofafdelings ingedeel, naamlik:

2.2.5.1 Musiek van die Koninklike Kamer (*Musique de la Chambre*)

Musikante van die Koninklike Kamer was verantwoordelik vir die uitvoering van musiek vir die ballet sowel as privaat geleenthede van die koning. Die *Vingt-quatre Violons du Roi* (ook bekend as die *Grande Bande*) en die *Petit Violons du Roi* (ook bekend as die *Petit Bande* en later in die eeu as die *Violons du Cabinet*) het tegnies gesproke onder die administrasie van die Koninklike Kamer geval. Hulle aansien het egter 'n feitlik outonome status aan hulle verleen (Anthony 1997:19). Benewens die strykers het die Koninklike Kamer ook luitiste, theorbes, kitaarspelers en blasers bevat. Onder hierdie groep ressorteer die hobo, fluit en blokfluitspelers. 'n Groep



sangers asook 'n klavesimbelspeler het hierdie groep aangevul en voltooi (Hindley 1978:221).

2.2.5.2 Musiek van die Perderuiters (*Musique de la Grand Écurie*)

Die Musiek van die Perderuiters dateer uit die era van Francis I en was bekend as sy berede musikante. Uitvoerings is letterlik vanuit 'n sittende posisie uit die perdesaals gegee óf te voet. Hierdie groep musikante het bestaan uit al die lede van die vioolfamilie, blaasinstrumente soos die hobo, fagot, trompet, die doedelsakfamilie, en keteltromme. Dit is ook in prosessies en buitelug-parades gebruik.

Musikante van die Koninklike Kamer en die Koninklike Perderuiters is in twee hoedanighede aangestel:

- 1) hulle moes in uitvoerings speel waar die gehoor in stilte moes wag tot die uitvoering klaar was voordat applous gegee kon word;
- 2) hulle moes by seremoniële geleenthede optree waar hulle individueel en/of in groepe van dieselfde instrumentfamilies gespeel het. Hierdie geleenthede kon die koning se vertrek of aankoms aangekondig het, asook die bediening van die onderskeie geregte op 'n koninklike banket.

2.2.5.3 Musiek van die Koninklike Kapel (*Musique de la Chapelle Royale*)

Die Koninklike Kapel dateer terug van so vroeg as die Franse monargie self. Die Koninklike Perderuiters asook die Koninklike Kamer het egter nie voor die vyftiende eeu hul ontstaan gehad nie. Onder die heerskappy van Koning Lodewyk XIII was die Koninklike Kapel beperk tot slegs 'n paar koorlede en instrumentaliste. Lodewyk XIV het dit verder ontwikkel en uitgebrei. Die koor is uitgebrei na sestig tot tagtig lede. Tot dertig instrumentaliste is bygevoeg en vroulike lede is vanaf die laat sewentiende eeu toegelaat om aan te sluit. 'n Aantal instrumentaliste is toegelaat om by die

Koninklike Kapel aan te sluit en is per geleentheid deur violiste van die Koninklike Kamer asook instrumentaliste van die Koninklike Perderuiters versterk (Hindley 1978:221).

2.2.6 Die Koninklike Musikante (*Musiciens du Roi*)

Die Koninklike Musikante het tegnies onder die administrasie van die Koninklike Kamer geressorteer. Teen die einde van Lodewyk XIV se heerskappy het sy musikale korps uit tussen honderd-en-vyftig en tweehonderd lede bestaan. Hulle het bekend gestaan as die Koninklike Musikante (*Musiciens du Roi*), Offisiere van die Koningshuis (*Officers de la Maison du Roi*) of eenvoudig net as Violiste aan die Koninklike Kamer (*violons de la Chambre du Roi*) vir violiste of Koninklike Hobospelers (*Hautbois du Roi*) vir hobospelers.

Om as 'n Offisier van die Koning (*Officer du Roi*) te kon klassifiseer moes die musikant aan drie vereistes voldoen:

- 1) 'n onkreukbare morele karakter hê;
- 2) aan die Rooms-Katolieke geloof behoort en dit uitleef;
- 3) voldoende fondse hê om die pos te koop.

As die Offisier van die Koning eers in die pos aangestel is en suksesvol was, kon hy self sy opvolger bepaal. Die musikant het met sy aftrede of dood deur middel van 'n tipe nalatenskap¹² (*survivance*) aan 'n gespesifiseerde naasbestaande, vriend of selfs student die reg op oornam van die betrokke posisie oorgegee of laat oorkoop. Die betrokke persoon het dan as die *survancier*¹³ bekend gestaan. Hierdie gebruik was een van die behoude van die voortbestaan en opbou van 'n generasie kwaliteit

¹² Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2000:731

musikale families soos onder andere die Hotteterres, Danican Philidors, Rebels en die Boessets (Anthony 1997:19).

Musikante wat nie gekwalifiseer het as Offisiere van die Koning nie is in drie kategorieë geplaas:

- 1) *musiciens ordinaires* (gewone musikante)
- 2) *musiciens extra-ordinaires* (musikante wie se dienste slegs op spesiale geleenthede benodig is)
- 3) *musiciens suivant la cour* (musikante van mindere aansien of studente wat byna hul vakmanskap voltooi het).

2.2.7 Frankryk en invloede van ander lande

Alhoewel Lully en die koningshuis die Franse styl ontwikkel en gevestig het, was die ontwikkeling van Franse musiek nie noodwendig alleenlik afhanklik van die monopolie vanuit die hof in Versailles nie. 'n Europese idioom het parallel met die unieke Franse styl ontwikkel. Hierdie idioom het karakteristieke eienskappe van style uit lande soos Italië, Duitsland asook ander dele uit Frankryk gekombineer (Hindley 1978:226). Komponiste was voortdurend op reis na Frankryk, en die Franse komponiste en musikante het op hulle beurt weer gereeld lande soos Duitsland besoek.

Georg Philip Telemann, een van die grootste Duitse Barokkomponiste, het vir ongeveer 'n jaar in Parys vertoef en was goed vertrouwd met die Franse musikale styl en die dissiplines wat daarmee gepaard gegaan het. Hierdie eienskappe van Telemann is duidelik identifiseerbaar in heelwat van sy werke vir die blokfluit. Hy laat die speler met geen twyfel dat hy sommige werke doelbewus in die Franse styl uitgevoer wil hê nie. Sy Suite in A mineur vir altblokfluit en continuo is 'n goeie

¹³ Jean-Baptiste Boesset is byvoorbeeld as *survancier* op een-en-twintigjarige ouderdom deur sy vader, Antoine Boesset, aangewys (Anthony 1997:19).

voorbeeld hiervan. Die werk het Franse titels¹⁴ vir die onderskeie bewegings en is 'n goeie kombinasie van die Franse en Italiaanse style.

Die wisseling tussen komponiste en musikante van verskillende lande het onder meer tot gevolg gehad dat die musikante van die Mannheimskool die klarinet aan die Franse bekend gestel het. Frankryk se kontak met Italië was 'n belangrike gebeurtenis: Koning Lodewyk XIV was die kleinseun van die Italiaans-gebore Catherina de Medici. As kind is hy blootgestel aan die Italiaanse musiek en het hy nooit deur die jare sy bewondering daarvoor verloor nie. Lully, daarteen, het al sy musiek in die Franse styl gekomponeer ten einde sy koning te eer, alhoewel hy eintlik 'n Italianer van geboorte was. Italiaanse violiste soos Guignan was hoog aangeskrewe onder die Paryse musiekadestand in die eerste helfte van die agtiende eeu. Die Italiaanse oratorium, sonate en kantate is deur die Franse aanvaar en opgeneem in hulle musiek (Hindley 1978:226).

Die groot aantal Italiaanse musici is aanvanklik in Versailles en Parys verwelkom. Onder hulle was daar sangers, instrumentaliste, librettiste, virtuosi, komponiste asook stelbouers vir die mobiele Barokteater. Hierdie uitruiling van musici het noodwendig afgestuur op botsings tussen die Franse en Italiaanse style: die Franse resitatief was in sterk kontras met die Italiaanse *arioso*; die Franse overture was in kontras met die drie-beweging Italiaanse overture van onder meer Scarlatti. Die beperkte tonaliteit van die Franse was in kontras met die chromatiese harmonie van die Italianers. Komponiste soos Couperin, Delalande en Rameau kon egter die balans en insig vind om hierdie verskille te oorbrug. Lully en Rameau se verbeeldingryke dog intellektuele musiek is aanvanklik verhewe beskou bo dié van die meer liriese, emosionele dog lewendige styl van die Italianers (Hindley 1978:226).

¹⁴ Telemann Suite in A mineur: bewegings: *Ouverture; Les Plaisir; Air a l'Italiene; Menuet I & II; Réjouissance; Passepied; Polonaise*

2.2.8 Die kombinasie van style deur komponiste

Eksperimentering van die kombinasies tussen eiesoortige musikale style het meer in Frankryk as in Italië voorgekom. Die stilistiese omvang van die onderskeie Franse komponiste het breed verskil. Dit is dus noodsaaklik vir die speler sowel as onderwyser om vertrouwd te raak met die styl van die komponiste alvorens 'n werk uitgevoer word. Daar kan dus nie bloot aanvaar word dat 'n werk in die Franse styl uitgevoer moet word bloot op grond van die (moontlike) Franse herkoms van die komponis nie.

Die magstryd tussen aanhangers van die tradisionele Franse styl en die sogenaamde nuwe styl het skerp debatvoering tussen die partye ontlok en die ideologiese stryd is met pen en papier sowel as op musiekinstrumente gevoer. Filosofe, komponiste en wetenskaplikes het die voor- en nadele van die onderskeie style in die openbaar gedebateer. Gemeet aan moderne standaarde blyk hierdie stryd oordrewe te wees. Dit moet egter in die konteks van sterk oortuigings en verbintenisse aan die kant van die kulturele hoeksteenleggers van die tyd gesien en begryp word (Laurin 1995:6).

Komponiste soos Hotteterre en Blavet se style het byvoorbeeld heelwat verskil - ongeag die feit dat beide van Franse herkoms is, mekaar geken het en vertrouwd was met mekaar se onderskeie komposisies. Hotteterre se beheersde, byna verhewe elegansie staan in sterk kontras met Blavet se ekstroverte styl van komposisie. Daniel Braun daarenteen volg weer Rousseau se teoretiese beginsels aangaande die belangrike rol wat melodie moet speel en sy musiek word gekenmerk deur 'n baie energieke en melodiese baslyn in die begeleiding (Laurin 1995:6).

2.2.9 *Concerts spirituels, concerts français en concerts italiens*

Anne Danican Philidor (1681 – 1728), die seun van André Danican Philidor, stig in 1725 die eerste permanente vereniging wat konserte op 'n kommersiële basis in Parys aanbied: die *concerts spirituels*. Die hoofdoel van hierdie beweging was

enersyds om die omstrede uitvoerregte-wetgewing van Lully, wat sangers verbied het om enige werk in die openbaar, hetsy in Frans of enige ander taal, in geheel uit te voer, te omseil en andersyds om voorsiening te bied aan die Franse volk se voortdurende vraag na musiek en uitvoerings. Danican Philidor het die uitvoerregte van die Lully-familie van Lully se skoonseun, Francine, wat ook administratiewe hoof van die Koninklike Musikale Akademie (*Académie Royale de Musique*) was, teen 10,000 Franse *livres* per jaar vir drie jaar gehuur. Hy moes egter ook onderneem om geen uittreksels uit operas of werke met Franse tekste te laat uitvoer nie (Anthony 1997:36).

Die *concerts spirituels* is op godsdienstige dae gehou (vandaar die benaming *spirituel*) wanneer die Koninklike Musikale Akademie gesluit was; gemiddeld vier-en-twintig konserte per jaar. Die eerste *concerts spirituels* is op 18 Maart 1725 in die Tuileries Paleis gehou (wat daarna die tuiste van hierdie instelling sou bly tot in 1784) en die program is saamgestel uit 'n suite vir strykers asook motette (*grands motets*) van Delalande en die Kersfees Concerto Opus 6 nr. 8 van die Italiaanse komponis Arcangelo Corelli (1653-1713).

Die beste musikante is vir die *concerts spirituels* gebruik; die sangers was lede van die Koninklike Opera Akademie en die koorlede was afkomstig uit die Koninklike Kapel sowel as die mees bekende kerke in Parys. Hierdie instelling is deur sowel die gehore as die kunstenaars self hoog aangeslaan, geprys en entoesiasies ondersteun. Jaloesie van mededingers sowel as teenkating uit amptelike oorde het bygedra tot buitensporige tariewe wat finansiële komplikasies tot gevolg gehad het, en die organiseerders is aan bande gelê deur moedswillige beperkinge.

Ses maande voor sy bedanking as direkteur van die *concerts spirituels* stig Danican Philidor die *concerts français*, wat ook in die Tuileries Paleis gehou is en wel in die wintermaande op Saterdag en Sondag. Twee van die Koninklike Opera Akademie se beste sangeresse, Catherine-Nicole Le Maure en Marie Antier, is aangestel om hier uitvoerings te gee. Die program vir die *concerts français* was oorwegend

Franse musiek. Die *concerts italiens* is in 1724 gestig deur Pierre Crozat. Uitvoerings van die *concerts italiens* is op Donderdae en Saterdag in die Tuileries Paleis gegee en was in direkte mededinging met die *concerts français*. Slegs Italiaanse musiek deur Italiaanse musikante is hier uitgevoer, met die uitsondering van 'n paar Franse musikante wat hul opleiding in Italië ontvang het (Anthony 1997:38). Quantz maak in sy verhandeling *On Playing the Flute* ook melding van die *concerts italiens*:

In Italy, to my knowledge, neither French operas nor French arias or other vocal pieces have ever been performed either in public or in private; much less have the French singers been imported. In France, on the other hand, although no Italian operas are performed in public, Italian arias, concertos, trios, solos. etc. , are privately performed, and Italian singers are brought in and supported, to which fact the *concert italien* at the Tuileries and other more recent events bear witness (Reilly 1976:332).

Die *concerts français* en die *concerts italiens* is dus doelbewus ingestel om 'n ander funksie te vervul as die *concerts spirituels* en nie om as kompetisie daarvoor te staan nie: dit het die geleentheid gebied om onderskeidelik die Franse musiek en die Italiaanse musiek eksklusief aan die konsertgangers te bied. Dit was ook die begin van die era van privaatkonserte, wat deur welgestelde persone in die adelstand soos La Pouplinière (1693 – 1762) gefinansier is (Anthony 1997:38).

Na Danican Philidor se bedanking in 1728 ('n paar maande voor sy dood), is die *concert spirituel* se organisasie deur Michel Delannoy, Pierre Simart en Jean-Joseph Mouret oorgeneem. Die samestelling van die *concerts spirituels* is verander: Italiaanse musikante en komposisies het gewildheid begin geniet. Die blootstelling aan en invloed van die instrumentale musiek het stelselmatig bygedra tot die ontstaan en ontwikkeling van die sonate en concerto in Frankryk (Anthony 1997:37). Telemann het een van sy hoogtepunte van sy loopbaan in Parys beleef toe Michel Blavet die première van sy "Paris Quartets" as 'n *concert spirituel* aangebied het (Laurin 1995:6).

Die Koninklike Musikale Akademie neem beheer van die *concerts spirituels* oor in 1734 nadat dit finansiëel nie veel beter gevaar het as in Danican Philidor se tyd nie. Onder die musikale direksie van die komponis en violis Jean-Féry Rebel en François Francolar, het elke uitvoering minstens een *grand motet* bevat, asook minstens een sonate of concerto vir viool van die Franse komponiste Leclair of Guigon. Italiaanse en Duitse simfonieë is ook vanaf die laat 1740's in die programme ingesluit.

Die *concerts spirituels* het vir ses-en-sestig jaar bestaan. Die bydrae wat hierdie instelling gelewer het was geensins gering nie; dit het 'n belangrike platform gebied vir die bekendstelling van nuwe musiek aan die Franse volk; vokaal en instrumentaal, godsdienstig sowel as sekulêr. Dit het aan die Franse komponiste, musikante en liefhebbers van musiek in die agtiende eeu 'n vars en nuwe dimensie gebied waarin musiek beoefen, beleef en ontwikkel kon word (Anthony 1997:37).

2.3 QUANTZ EN DIE FRANSE STYL

Johann Joachim Quantz (1697-1773), een van die grootste Duitse Barokkomponiste, leermeesters en pedagoë van sy tyd, se verhandeling **Versuch einer Anweisung die Flöte traversière zu spielen**¹⁵ (Berlyn, 1752) bied interessante en insiggewende kommentaar rakende die Franse styl. Quantz was 'n Duitser van geboorte, maar hy was wyd berese en derhalwe blootgestel aan die wyer spektrum van die Europese musieklewe. Sy kommentaar is van besondere belang aangesien dit in 1752 uitgegee is - 'n tydperk toe dit sekerlik moeilik was om objektief te kon terugkyk op die invloed van die Franse Barokstyl. Die blote feit dat hy toe al 'n vergelyking kon tref tussen die Italiaanse en Franse style en die Franse styl kon identifiseer as meer sistematies en gekonstrueerd, beklemtoon Quantz se insigstatus as een van die briljantste musici van sy tyd.

¹⁵ In Engels vertaal deur Edward R. Reilly onder die tittel *On Playing the Flute*. Hierna word verwys na die algemeen verkorte verwysingsvorm van die verhandeling, naamlik **Versuch**.

Quantz begin die gedeelte waar hy kommentaar lewer oor die onderskeie style met 'n vergelyking tussen die Italiaanse en Franse style. Hy beskryf die Italiaanse styl as "te veranderlik"; die Franse styl daarenteen "te konsekwent en byna slaafs". Die Franse verbind hulle volgens hom ook te veel tot herhalende karakteristieke eienskappe, wat wel deug vir die danse en liedere vir vrolike geleenthede (Engels: "drinking songs"), maar nie vir ernstige musiek nie (Reilly 1976:328).

Instrumentalste en veral die klawerbordspelers beywer hulleself volgens Quantz nie vir die uitbreiding van tegniese ingewikkelde uitdagings of die byvoeging van omvattende versierings in die stadige *Adagio*-gedeeltes van Franse Barokmusiek nie.¹⁶ Tog gee hy hulle krediet vir die feit dat hulle die werke met akkuraatheid en presisie uitvoer en sodoende ten minste die doel wat die komponis in gedagte gehad het met die werk, eerbiedig. Dit is teen hierdie agtergrond gesien dat Quantz die aanbeveling maak dat 'n beginner eers die Franse styl in die aanvangsstadium van sy onderrig moet bemeester (Reilly 1976:328).

Quantz voer tereg aan dat die student die note en klein versierings werklik presies sal moet leer uitvoer soos dit in die musiek aangedui is en derhalwe 'n baie beter akkuraatheid aan die dag moet lê. Hy spreek die wens uit dat, met verloop van tyd, die student dan sal aanleer om die twee onderskeie style suksesvol te vermeng (Reilly 1976:328):

It is therefore advisable for a beginning instrumentalist to commence with the French manner of playing. Through it he will learn not only to execute the notes and the little embellishments truly and distinctly as they are written, but also, with time, how to mingle French brilliance with Italian flattery, and acquire by means an even more pleasing manner of playing.

¹⁶ 'n Stilistiese vereiste vir die uitvoering van musiek in Italiaanse styl; vandaar die opmerking deur Quantz

2.3.1 Quantz se vergelyking tussen die Italiaanse en Franse sangstyle

Quantz voer sy debat en vergelyking tussen die twee lande se onderskeie style verder deur die sang- en uitvoeringstyle te vergelyk. Volgens hom het die Italiaanse sangstyl meer diepte en is dit meer kunstig; dit stimuleer die musikale intellek, dit is meer bevredigend, uitdrukkingsvol en voer die luisteraar op 'n aanvaarbare wyse mee van die een emosie na die ander. Die Franse sangstyl, daarenteen, is volgens Quantz meer eenvoudig as kunstig; dit is meer in 'n gesproke vorm as sangstyl, meer geforseerd in styl en minder uitdrukkingsvol. Dit is altyd eenvormig en meer geskik vir amateurs as vir die fynproewer (luisteraar sowel as kunstenaar) (Reilly 1976:334).

It (the French manner of singing) is better suited to drinking songs than to serious arias, diverting the senses, but leaving the musical intellect completely idle (Reilly 1976:334).

2.3.2 Quantz se vergelyking tussen die Italiaanse en Franse uitvoeringstyle

Quantz gebruik beskrywende terme soos "willekeurig", "uitspattig", "kunsmatig", "obskuur", "moeilik uitvoerbaar" en selfs "bisar" om die Italiaanse styl van uitvoering te beskryf. Die Italiaanse styl van uitvoering verg ook die byvoeging van heelwat ornamentasie asook 'n gepaste deeglike kennis van harmonie. Die Franse styl van uitvoering, daarenteen, beskryf hy as "slaafs, dog beskeie, netjies, en getrou in die uitvoering daarvan, maklik nabootsbaar, met nie te veel diepte nie maar sonder oppervlakkigheid, verstaanbaar vir almal en gerieflik (gemaklik) vir die amateur of beginner". Volgens Quantz verg dit nie veel kennis van harmonie nie, aangesien al die versierings deur die komponis voorgeskryf word en so aangedui word, maar dit laat die fynproewer of kieskeurige met weinig stof tot nadenke (Reilly 1976:335).

Word Quantz se opinie oor die Franse styl hier selektief aangehaal, kan die indruk maklik geskep word dat hy 'n negatiewe opinie daaroor het. Wat duidelik blyk deur

die kommentaar in geheel te sien, is dat hy 'n objektiewe vergelyking maak tussen dit wat meer bekend was in die stadium dat die **Versuch** gepubliseer is, naamlik die Italiaanse styl, en sy fassinerings met 'n nuwe styl wat besliste meriete ingehou het. Dit was 'n verwoording van sy ervarings en belewenisse na sy besoeke aan beide Italië en Frankryk wat hom genoop het om sy gewaarwordings op skrif te stel. Hy versoek ook sy leser om self 'n keuse te maak tussen watter van die twee style verkies word en dat hy (Quantz) nie beskuldig kan word van partydigheid jeens die een of die ander styl op grond van wat hy in die *Versuch* geskryf het nie. 'n Gepaste opsomming van Quantz se kommentaar oor hierdie twee style is in sy afsluitingsparagraaf oor hierdie onderwerp.

In a word, Italian music is arbitrary, and the French is circumscribed. If it is to have a good effect, the French depends more upon the composition than the performance, while the Italian depends upon the performance almost as much as upon the composition, and in some cases almost more. The Italian manner of singing is to be preferred to that of their playing and the French manner of playing to that of their singing (Reilly 1976:335).

2.4 OPSOMMING

Die beeld van die Franse Barokmusiek kan maklik as verwarrend, eiegeregtig of selfs vervelig voorkom. Nadere ondersoek onthul egter 'n tydperk van 'n hoë vlak van kreatiwiteit en dinamika waarin die Franse kulturele élite ware verfyning, elegansie en beredenering beoefen het. Die bestudering van die geskiedenis en bedrywighede in en om die Hof, asook die rol wat Lully op die totstandkoming en verfyning van die Franse Styl gehad het, bied 'n baie wyer agtergrond ten einde hierdie unieke genre beter te verstaan en uiteindelik histories ingelig te kan uitvoer. Quantz se beskrywings van die Franse styl as "maklik nabootsbaar, eenvoudig, verstaanbaar vir almal, slaafs en selfs minder intellektueel as die Italiaanse styl" is goed en wel vir die leser en musikant van daardie tyd, maar vir die moderne leser, en veral blokfluitspeler (student en onderwyser), bied dit 'n grootse uitdaging om hierdie

eienskappe, wat so vanselfsprekend in daardie tyd was, te ontrafel, korrek te interpreteer en in goeie smaak uit te voer. Die geskiedkundige agtergrond - Quantz se kommentaar in sy **Versuch** insluitend - lewer 'n integrale bydrae tot die begrip van hierdie unieke tydsgleuf in die musiekgeskiedenis, wat herleef in die repertorium wat beskikbaar is vir die blokfluitspeler.

HOOFSTUK 3: ARTIKULASIE IN DIE FRANSE STYL

3.1 INLEIDING

Die ontwikkelinge rondom die Hof van Lodewyk XIV het direk tot gevolg gehad dat komponiste aan die Hof 'n bepaalde musikale styl gehandhaaf het. Die Franse styl het karakteristieke eienskappe gehad wat dit uniek gemaak het: Franse titels en karakteraanwysings, tydsoortekens, versierings en ornamentele gebruike, ongelykmatige ritmiek (*inégalité*), note wat twee-twee in pare gegropeer is asook afwisselende artikulasie (Bang Mather 1978:32). Houtblaasinstrumente soos die traverso-fluit, hobo en die blokfluit het van hierdie spesifieke artikulasie gebruik gemaak, hoewel op verskillende vlakke. Volgens Hotteterre (Bang Mather 1978:33) word die traverso-fluit subtiel geartikuleer, die blokfluit meer duidelik en die hobo veel sterker.

3.2 DIE FRANSE ARTIKULASIE

Min gegewens is beskikbaar oor die Franse artikulasie vóór 1700 met die verskyning van Freillon-Poncein se verhandeling **La Véritable Manière**. Hierin bespreek hy metodiek rakende die hobo, blokfluit en flageolet en spesifiseer onder meer twee artikulasie *tu* en *ru* (Bang Mather 1978:32).

Daar is 'n besliste konneksie tussen die ongelykmatige ritmiese gebruik van die vroeg agtiende-eeuse Franse styl en die afwisselende artikulasie wat gebruik is (Bang Mather 1978:32). In sy **Principes** (1707) bespreek Hotteterre 'n verskeidenheid van afwisselende artikulasie, en volg dit direk op met 'n bespreking rakende *inégalité* (Douglas 1983:37). Hotteterre verwys in sy verhandeling na *tu* en *ru* vir artikulasie.

Quantz lewer in sy **Versuch** breedvoerig kommentaar aangaande artikulasie vir die traverso-fluit, wat ook op die blokfluit van toepassing is. Alhoewel Quantz een van

die grootste Duitse komponiste en veral pedagoë was, het hy ruim erkenning aan die Franse styl gegee en verwys hy telkens in sy **Versuch** na aspekte daarvan. Quantz dui die artikulasie as *ti*, *di* en *tiri* aan. Hy beveel *di* vir stadiger bewegings aan, behalwe waar note gepunteerd is, in welke geval hy *ti* aanbeveel. Sy voorkeur vir hierdie artikulasie is na alle waarskynlikheid beïnvloed deur sy bewondering vir en vriendskap met die Franse fluitvirtuoos, Buffardin:

Buffardin (and Blavet) use *ti* and *tiri* and *di* and *diri* as much as I. It is true that they do not use the double tongue (Reilley 1976:33).

Reilley (1976:72) verduidelik in 'n voetnota dat Quantz se gebruik van die artikulasie *ti* waarskynlik net 'n aanpassing is van Hotteterre se *tu*. Bang Mather (1978:35) stel dit dat Quantz die Franse *u* vervang met 'n *i* (uitgespreek soos *ee* in Engels) en die *t* met *d* vervang om die artikulasie "sagter" te maak. Dit het ook die algehele uitvoering meer vloeiend en minder ongelykmatig laat klink.

Voorbeeld 1 (Bang Mather 1978:35)

Kommentaar: Quantz gebruik die *di* artikulasie vir agstenote wat trapsgewys beweeg.

Uit: Versuch Quantz 1752

ti di ri di ri di ri di ri di ri di ri di ri di ri ti ti ti ti di di di di

di ri di ri di ri di ri di ri di ri di ri di ri

Vanaf ongeveer 1720 het die Franse musiek geleidelik 'n transformasieproses ondergaan: Franse titels en karakter aanduidings by werke is met Italiaanse titels vervang. Die Franse tydsoort aanduidings 2, 3 en 6/4 tyd, met die kenmerkende trapsgewyse ritmiese *inégaie* agstenootpassasies, het in gewildheid begin afneem.

Gespesifiseerde versierings (*agréments*) en ornamentele gebruike soos *passages* en *diminutions* volgens die Franse styl het eenvoudiger en aansienlik minder begin raak. Voorkeur vir die viool as instrument het die gewildheid van die traverso-fluit laat afneem (Bang Mather 1978:33).

Hierdie bogenoemde tendense het egter stelselmatig plaasgevind. Dit is belangrik om in ag te neem dat, alhoewel die Franse styl toenemend teen die einde van die agtiende eeu sy impak en oorheersing begin verloor het, dit eens die flambojante styl was wat die musiekorde in Frankryk oorheers het. Musiek uit dié era is met hierdie kenmerke in gedagte en doelbewus daarvoor gekomponeer, en alhoewel die komposisies in aantal afgeneem het, het die gekomponeerde werke nie verdwyn nie. Musiek uit die Franse Baroktydperk moet dienooreenkomstig stilisties uitgevoer word as en wanneer die geleentheid hom voordoen. Dit regverdig dus die bestudering van komponiste soos onder andere Hotteterre, Quantz, Freillon-Poncein en Corrette se uiteensettings van aspekte daarvan om dit te leer verstaan.

To make playing more pleasant and to avoid too much uniformity in tonguing, articulation is varied in several ways (Hotteterre 1707, vertaal deur Douglas 1983:36)

Die "standaard" artikulasie van die vroeg-agtiende eeu in Frankryk was *tu* en *ru*: *tu* is op die korter note gebruik en *ru* op die langer note (soos in die kort - lank effek wat verkry word met *inégalité*). Hierdie twee - *tu* en *ru*- saamgevoeg vorm *tu-ru*: dit was die aanleiding tot die gebruik om note in pare "oor" polsslae te groepeer (Bang Mather 1978:34).

Die volgende voorbeeld dien as illustrasie: voorbeeld 2(a) toon Hotteterre se oorspronklike aanduiding en voorbeeld 2(b) toon 'n moderne notering daarvan.

Voorbeeld 2(a) (Douglas 1983:37)

Kommentaar: Hotteterre gebruik die afwisselende artikulasie *tu* en *ru* vir die passasies wat trapsgewys beweeg en om agstenote *inégaie* te maak.

**Voorbeeld 2(b)** (Bang Mather 1978:34)

Kommentaar: Die K – L verwys na onderskeidelik die kort en lang note soos in *inégalité*

Uit: *Principes*



Die uitspraak van die artikulasie *tu* waarna Hotteterre verwys, is nie soos in die Afrikaanse “toe” nie: dit is nader aan die Engelse “tee”, met die lippe gerond soos wanneer ‘n mens sou fluit. Die “r” in *ru* klink ook meer na ‘n sagte “d”, al mag dit nie so deur ‘n speler ervaar word nie. Dit is soortgelyk aan die dubbele d in die Engelse woord “veddy”- die “Amerikaanse” uitspraak van die Engelse woord “very”, aldus Bang Mather (1978:34).

Bang Mather (1978:35) merk op dat die Franse artikulasie vir sommige spelers moeilik mag wees om aan te leer. Sy beveel aan dat dié wat nie ‘n “r” kan uitspreek nie, dit in *du* verander. *Tu-ru* word dus *tee-dee*, met geronde lippe. Sy bied die volgende (baie handige) praktiese oefening om die Franse artikulasie te bemeester:

Voorbeeld 3 (a) (Bang Mather 1978:35)

Kommentaar: Die note wat “oor” die polsslae gaan moet legato gespeel word:

**Voorbeeld 3(b)** (Bang Mather 1978:35)

Kommentaar: Dieselfde groeperings soos in voorbeeld 3(a) moet nou geartikuleer (getong) word, maar steeds met die gepaardgaande *inégalité*.



3.3 RIGLYNE VIR MOONTLIKHEDE WAAR DIE FRANSE ARTIKULASIE AANGEWEND KAN WORD

Bang Mather bied die volgende riglyne waar en hoe die Franse artikulasie toegepas kan word by verskillende ritmiese patrone. Die onderskeie komponiste wat die aanduidings gegee het, word by elkeen aangedui:

3.3.1 Wanneer die eerste noot van 'n opeenvolging van ongelykmatige note óp die polsslag val, word dit met *tu* geartikuleer en die daaropvolgende noot met *ru*:

Voorbeeld 4 (Bang Mather 1978:35)

Hotteterre 1707

tu tu ru tu ru tu tu ru tu ru tu tu tu tu

3.3.2 By sestiende- en agstenote wat saam in 'n gedeelte / passasie voorkom, word die agstenote *égale* uitgevoer en met *tu* geartikuleer en die sestiende note *inégale* uitgevoer en met *tu-ru* geartikuleer:

Voorbeeld 5 (Bang Mather 1978:36)

Uit: *Principes* Hotteterre 1707

tu tu tu tu tu tu tu tu tu ru tu tu

tu tu tu tu tu tu tu tu tu ru tu ru tu ru tu tu

3.3.3 Herhalende sestiende note word met die standaard artikulasie vir vinnige ongelykmatige nootgroepe geartikuleer. Indien daar wel tussen die laaste noot van 'n groep en die eerste noot van 'n volgende groep 'n redelike sprong (interval) voorkom en die groepe opeenvolgend dus nie tragsgewys beweeg nie, word die artikulasie aangepas:

Voorbeeld 6 (Bang Mather 1978:36)

Hotteterre 1707

tu tu ru tu tu tu ru tu tu tu ru tu tu

3.3.4 Gepunteerde note word op dieselfde wyse uitgevoer as *inégale* vinnige note: dit word met *tu* op die "kort" note geartikuleer en met *ru* op die "langer" note. (Die langer note is in hierdie konteks heelwat langer as die korter note).

Voorbeeld 7 (Bang Mather 1978:36)

Quantz 1752

ti ri ti ti ri ti ti ri ti

3.3.5 Wanneer twee of vier vinniger note tussen langer nootwaardes voorkom, beveel Hotteterre 'n omgekeerde artikulasie aan (Bang Mather 1978:37):

Voorbeeld 8 (Bang Mather 1978:37)

Kommentaar: In hierdie voorbeeld van omgekeerde artikulasie val die *tu* op die langer note en die *ru* op die korter note:

+ Hotteterre 1707

tu tu ru tu tu ru tu tu ru tu

tu tu tu ru tu tu ru tu tu ru tu tu ru tu

3.3.5 Herhalende agste note word volgens Hotteterre se aanbeveling *tu tu tu* geartikuleer en herhalende sestiende note met die afwisselende vorm *tu-ru* (Bang Mather 1978:38):

Voorbeeld 9 (Bang Mather 1978:38)

Hotteterre 1707

tu tu ru tu tu tu tu tu

3.3.7 Agste note wat in spronge beweeg, word *tu tu tu* geartikuleer volgens Hotteterre se aanbeveling, en sestiende note wat sekwensieel in spronge beweeg, word met *tu ru* geartikuleer (Bang Mather 1978:38)

Voorbeeld 10 (Bang Mather 1978:38)

Hotteterre 1707

tu tu ru tu ru tu ru tu ru tu ru tu

3.3.8 By werke met 'n vinnige tempo-aanduiding beveel Freillon-Poncin die standaard sowel as die omgekeerde artikulasie aan (Bang Mather 1978:38):

Voorbeeld 11 (Bang Mather 1978:38)

Freillon-Poncin 1700

L K L K L K L K L K L K L K

tu ru tu tu ru tu ru tu ru tu tu ru tu ru tu ru tu tu ru tu ru tu ru tu ru tu ru tu ru tu ru

3.3.9 Waar langer nootwaardes in 'n beweging voorkom, beveel Freillon-Poncin artikulasie wat afwissel aan. Hotteterre het egter hierdie note net met *tu* geartikuleer (Bang Mather 1978:38):

Voorbeeld 12 (Bang Mather 1978:38)

Freillon-Poncin 1700

tu ru tu ru tu tu ru tu tu tu ru tu ru tu ru tu tu ru tu tu ru tu tu ru tu

tu ru tu ru tu ru tu tu ru tu tu ru tu ru tu ru tu ru tu tu ru tu tu ru tu

3.3.10 By versierings (trillers ingesluit) en langer note beveel Hotteterre 'n *tu* artikulasie aan (Quantz en Freillon-Poncein verkies soms wel 'n konsonant soos "r") (Bang Mather 1978:35):

Voorbeeld 13 (Bang Mather 1978:35)

Hotteterre 1707

tu tu ru tu ru tu tu ru tu ru tu tu tu tu

3.4. OPSOMMING

Die kuns om te artikuleer is breedvoerig en noukeurig deur komponiste van die Franse Baroktydperk, soos onder andere Quantz en Hotteterre, bespreek en genotuleer. Hierdie voorbeelde dien as waardevolle riglyne vir veral die hedendaagse student en onderwyser. Komponiste van die era het artikulasie as deel van die uitvoeringspraktyk van Barokmusiek beskou; dit het dus parallel saam met die kuns van ornamentering deel uitgemaak van die uitvoering in geheel. Deur gegewe voorbeelde te bestudeer en dit te speel, word die speler blootgestel aan verskillende opsies om die musiek meer interessant te maak en ook meer prakties uit te voer. Die oefeninge in voorbeelde 3 (a) en (b) deur Bang Mather is van waarde om die begrip van ongelykmatige ritme aan te leer. Die riglyne rakende die onderskeie artikulasie uit die Franse Baroktydperk kan ook suksesvol in musiek van ander tydperke aangewend word.

HOOFSTUK 4: *INÉGALITÉ* en *ÉGALITÉ*

Meter is the most beautiful thing we have in music
(Freillon-Poncein c.1700) (Bang Mather 1978:3).

4.1 INLEIDING

Inégalité kan omskryf word as die ongelykmatige uitvoer van note wat gelykmatig genoteer is. *Inégalité* word wel soms deur die komponis of deur die uitgewer aangedui, maar in die meeste voorbeelde uit die Franse Barokrepertorium moet die speler, met behulp van 'n grondige kennis van hierdie uitvoeringspraktyk, bepaal hoe en waar *inégalité* toegepas moet word.¹ Die graad waarmee dit uitgevoer word, kan wissel van iets wat soortgelyk klink aan 'n "triool-ritme" tot skerp en sterk gepunteerde note. Die ritme waarmee *inégalité* uitgevoer word, word nie noodwendig bepaal deur die verskillende ritmiese aanduidings daarvan nie. Die totale musikale effek is bepalend vir die graad waarmee *inégalité* uitgevoer moet word. Wat wel belangrik is om in gedagte te hou, is dat *inégalité* een van die mees karakteristieke styleienskappe van die Franse Baroktydperk was en steeds is (Donington 1979:452).

4.2 OMSKRYWING VAN *INÉGALITÉ* DEUR ONDERSKEIE KOMPONISTE

Verskeie komponiste het *inégalité* noukeurig in hulle handleidings omskryf. Donington (1982: 42) gee aanhalings ter staving van die historiese belang van die herkoms van hierdie gebruik:

Loys Bourgeois, Genève (1550):

Perform crotchets two by two, remaining longer in the first, than on the second.

¹ Sien Bylae B p.28: J. de Boismortier: Sixième Suite (Gaiment): mate 16, 17, 18, 19, 25, 26, 27
p.40: J. de Boismortier: Sonata in F (Gavotte en Rondeau): mate 2, 6, 9, 17, 21

Fray Tomás de Santa Maria, Valladolid (1565):

For crotchets the method is to linger on the first, to hurry on the fourth, yet not too hurried, but only slightly so. With quavers, linger on the first quaver and hurry on the second, or hurry on the first quaver, linger on the second etc.

Roger North, Engeland (c. 1690)

In short notes inequality gives life and a spirit to the strokes, and a good hand will often for that end use it, tho' not express't (not express't verwys na "nie genoteer nie")

Ettiene Loulié, Parys (1696):

In each measure but especially triple measure, the half-beats are performed in two different ways, although they are notated in the same way. They are sometimes made equally as in melodies of which the sounds move by leap. Sometimes the first half-beats are made a little long' as in melodies of which the sounds move stepwise. Alternatively, the first half-beat is made much longer than the second, but the first half-beat ought' in that case to be notated with a dot.

Michel de Saint-Lambert, Parys (1702):

Certain notes are made unequal because the inequality gives them more grace, but no rule is final, because taste judges of this as it does of tempo.

Jacques Hotteterre, Parys (1707):

Quavers are not always to be played equally, since in some measures there should be a long one and a short one, especially in two in a bar, 3 / 4 and 6 / 4.

Michel de Montéclair, Parys (1709):

Notes tend to be equal in C, 2 / 4 and 3 / 8 but unequal in ordinary triple 3. However, it is hard to give general principles as to the equality or inequality of notes because it is the style of the pieces to be sung which decides it; but broadly the notes of which four go to the beat are intended to be unequal, the first a little longer than the second; or two to a beat in triple-time slow movements.

François Couperin, Parys (1716):

There are in my opinion defects in our notation of music comparable to those in the writing of our language. We notate otherwise than we perform, which is the reason why foreigners perform our music less well than we perform theirs. The Italians on the contrary, write music as they have conceived it. For example, we perform as dotted a succession of quavers moving by step; yet we notate them as equal.

Joachim Quantz, Berlyn (1752):

It is necessary in a piece of moderate speed and even in adagio for the quickest notes to be played with a certain inequality, even though they appear at sight to be of the same value; so that at each figure the accented notes, namely the first, third, fifth and seventh etc., must be leant upon more than those which pass, namely the second, fourth, sixth and eight etc. Though they must not be sustained so long as if they were dotted.

Girolmao Frescobaldi, Rome (1615):

Perform the second of each pair of semiquavers somewhat dotted.

4.3 DIE UITVOERING VAN INÉGALITÉ

Metre should be considered the soul of music

Bordet (c.1755), soos aangehaal in Bang Mather (1978:3)

Inégalité moet uitgevoer word in konteks met die karakter en tempo van die komposisie. 'n Te sistematiese en konsekwente benadering kan die musiek eentonig laat klink en dan geen verskil meebring tussen wat die komponis werklik sou ingeskryf het nie, of wat die speler sou improviseer nie.² Goeie oordeel is 'n bepalende faktor vir die suksesvolle toepassing van *inégalité* binne die musikale konteks: dit het in die agtiende eeu onder Franse musici bekend gestaan as *goût*³.

² Sien Bylae B p.73: L. de Caix D'Hervelois: *Le Pappilon*. Hierdie werk verleen hom in geheel tot die toepassing van *inégalité*. Sou dit nie toegepas word nie, sal die ritmiese verskeidenheid in die beweging baie eentonig begin klink. Die graad van toepassing van *inégalité* moet deur die speler uit die onderskeie musikale kontekste van die motiewe afgelei word.

³ Sensitiewe aanvoeling en goeie oordeel wat aan die dag gelê moet word. Engels: "good taste".

Eugène Borrel, Franse musikoloog, skryf in 1958 (Bang Mather 1978:5):

One should not – like the automobile driver who always stops at the red light – apply the general rule [of inequality] automatically and without discernment, especially today, since we no longer live in the environment of this music. One should rather study each case with care to see if the rule of inequality applies; if so, one must determine the ratio of inequality according to the character of the piece. This is the place to note the difference between thinking in geometrical or mathematical terms and thinking which is sensitive and full of finesse. The latter, which the musicians of the time called *goût*, was for them the supreme and infallible judge of all aesthetic questions.

Die twintigste-eeuse Franse musikoloog, Jacques Chailley, stel voor dat *inégalité* uitgevoer moet word “in die konteks van die gees van die Franse taal” (Bang Mather 1978:5). Aksentuering word in die taal eerder deur lengte as ‘n toename in toonsterkte verkry. Volgens Chailley is die grootste probleem vir die moderne musikant wat Franse musiek uitvoer, die afwesigheid van ‘n universele (matematiese) riglyn / reël (Bang Mather 1978:5).

Die voortdurende verwysing na goeie oordeel wat aan die dag gelê moet word, was goed en wel om in die era waarin hierdie gebruik ontwikkel is, genoem en vanselfsprekend begryp te word. Komponiste het dit nie nodig geag om hierdie begrip meer breedvoerig te bespreek nie. Hulle het bloot nie daaraan gedink dat die verlies van tradisie van daardie tyd kompleksiteite vir die toekoms sou inhou nie. Musici het ‘n natuurlike aanvoeling vir karakteristieke eienskappe, wat *égalité* en *inégalité* ingesluit het, gehad. Die verwysingsraamwerk van die dag was die Franse *airs*⁴, danse wat almal bepaalde karakteristieke eienskappe gehad het. Waar daar by ‘n *air* ‘n titel ontbreek het, het musici dikwels ‘n raaiskoot gewaag met wat die komponis se bedoeling sou wees, of alternatiewelik het hulle die *airs* uitgevoer met die karaktereieskappe wat hulle aangevoel het die mees toepaslike sou wees (Bang Mather 1978:4).

⁴*Airs* verwys hier na danse, byvoorbeeld die *menuet*, *passepied*, *gavotte*, *branle*.

Uit gegewe voorbeelde word die afleiding gemaak dat die algemene gebruik geheers het om die kleiner nootwaardes *inégale* te speel (Bang Mather 1978:4).

Câjon stel dit in sy boek **Éléments de musique** (1772) dat wanneer daar in 'n melodie note van kleiner waarde as die note voorkom wat volgens die aangeduide tydmaat eintlik die *notes inégales* moet wees, moet die kleiner nootwaardes *inégale* gespeel word en die groter nootwaardes *égale*. Hy gee die voorbeeld waar die tydmaat $3/2$ is en waar sestiende note en agste note voorkom. Die sestiende note sal dan *inégale* gespeel word en die agste note *égale*, ongeag of dit so aangedui is al dan nie. Dieselfde riglyn geld in die geval waar twee-en-dertigste note en sestiende note voorkom (Veilhan 1979: 24).

4.4 LOURER, COULER EN OMGEKEERDE INÉGALITÉ

Donington (1979:453) bespreek *lourer* en *couler* onder die afdeling vir *inégalité*. Bang Mather bespreek *lourer* in haar boek **Interpretation of French Music from 1675 to 1775** onder die afdeling Artikulasie, en wel Legato Spel. *Lourer* en *couler* kan dus wel onder beide afdelings ingedeel word, aangesien *inégalité* sowel as artikulasie op beide van toepassing is, afhangende uit watter hoek dit benader word.

Die motivering om dit onder die afdeling by *inégalité* te voeg is dat die hele begrip van ongelykmatige ritmiek in Franse styl enersyds so ongewoon is as punt van bespreking, hierdie twee gebruike dit soveel duideliker maak, en andersyds dat dit so integraal deel van die styl self is en dat hierdie twee gebruike ten nouste hierby aansluit om dit te beklemtoon.

4.4.1 *Lourer*

Lourer is to express the notes slurred in pairs by slurring, caressing, and rolling them in such a way that the notes are continuous, joined, and connected (as in those playful airs for musettes, cornemuses, and vielles), while perceptibly marking the first of each pair. (De la Salle Demoz, Parys 1728) (Bang Mather 1978:39).

Musiek van veral die eerste dertig tot vyftig jaar van die sewentiende eeu bevat heelwat voorbeelde waar gelykmatig-genoteerde note, in pare van twee, met 'n bindboog (Engels: "slur") aangedui word. Hierdie gebruik word *lourer* genoem en is ontleen aan die karakteristieke eienskap van die *loure*, *cornemuse* en *muset* (almal familie van die doedelsak), asook die *vielle* (Engels: "hurdy-gurdy"). Hierdie eienskap behels die "lank-kort"- en "hard-sag"-effek wat verkry word by bogenoemde instrumente. Die dreunklank wat hulle voortbring maak suiwer intonasie en verfynde artikulasie feitlik onmoontlik. Die enigste manier wat die speler gehad het om die polsslae van mekaar te onderskei en so deur te gee was om, waar die note in pare binne 'n polsslag voorgekom het, die eerste noot van so 'n groepie te "verleng" en sodoende te beklemtoon of te versterk. Om hierdie effek op 'n ander instrument te kon naboots, moes die speler note van musiek vir instrumente met 'n dreunklank gebonde (Engels: "slurred") uitvoer, in pare van twee binne 'n polsslag, met slegs 'n baie subtiele artikulasie van die eerste noot. Hierdie eerste noot het derhalwe dan ook meer lengte en klem op gehad as die daaropvolgende noot (Bang Mather 1978:39).

Donington (1979:453) stel voor dat note, wat gepunteerd aangedui word, met die kenmerkende *lourer* ritme uitgevoer word. Dit sal dan volgens hom die musiek minder afgemeet en klinies laat klink.

Voorbeeld 1 (Bang Mather 1978:39)

Kommentaar: Hotteterre se aanduiding van 'n wyer (groter) bindboog bo-oor die reeds aangeduide kleiner bindboë wat die note in pare groepeer, dui daarop dat die artikulasie baie subtiel en sensitief moet wees om te verhoed dat die hele langer frase te geartikuleerd en afgemeet klink (Bang Mather 1978:40).

L'Art de préluder

J.B. Hotteterre (1719)

The image shows two musical staves in G minor (one flat) and 3/4 time. The first staff, labeled 'Arpège', contains a sequence of eighth notes in pairs (beamed together) across four measures. A large slur is placed over the entire sequence. The second staff, labeled 'simile', contains a similar sequence of eighth notes in pairs across four measures, also with a large slur over the entire sequence.

Voorbeeld 2 (Bang Mather 1978:40)

Kommentaar: Bang Mather gee die volgende voorbeeld van Hotteterre aan as 'n voorbeeld van *lourer*. Die eerste vier note van die tema impliseer moontlik die gebruik van die verskillende artikulasie van die sewentiende eeu en wel in 'n fonetiese nabootsing van die artikulasie. Dit kan ook dui op 'n nabootsing van die gekoer van die tortelduif, soos dit in die artikulasie aangedui word (Bang Mather 1978:40).

Les Tourterelles (die tortelduiwe)

Hotteterre (1712)

Oorspronklike tema

Tendre

Voorstelling om dit *inéga*le te speel

tu tu re le (artikulasie)
tour-te-re-lle (titel)

4.4.2 Couler

Couler verskil van *lourer* in die sin dat dit 'n onreëlmatige, byna hinkende karakter het in teenstelling met *lourer* wat weer die musikale ritmiese verloop van 'n frase bevorder. Dit kan óf skerp en baie vinnig uitgevoer word, óf effens langer met 'n meer gematigde effek tot gevolg. By *couler* word die eerste noot van note wat in pare gegroep is, verkort. Dit word aangedui deur 'n bindboog wat bo-oor die twee note span, met 'n punt (soortgelyk aan 'n *staccato*-teken) bo-op die tweede noot. Die tweede noot moet dus verleng word ten koste van die eerste noot; dit sal die eerste noot dan korter laat klink (Donington 1979:454).

4.4.3 Omgekeerde *inégalité* (“reversed inequality”)

Veilhan (1979:23) en Donington (1982:47) verwys beide na die term omgekeerde *inégalité*. Alhoewel Veilhan dit nie as *couler* omskryf nie, maar wel as omgekeerde *inégalité*, omskryf Donington dit wel in sy boek **The Interpretation of Early Music** (1979) as *couler*. In sy boek **Baroque Music: Style and Performance** (1982) verwys hy slegs na omgekeerde *inégalité* en nie *couler* nie. Daar is egter geen verskil in hulle definisies van omgekeerde *inégalité* nie en dit wat as *couler* omskryf en gedefinieer word nie. Veilhan (1979:23) omskryf omgekeerde *inégalité* as ‘n gebruik, hoewel dit minder algemeen voorkom, wat ooreenkomste toon met die *chûte*⁵ en wat veral van toepassing is by vinniger passasies en bewegings. Donington (1982:47) omskryf omgekeerde *inégalité* as “die verlenging van die tweede noot van note wat in pare voorkom in passasies met ‘n sangerige ritmiese karakter (“lilting passages”) asook by betreklik vinnige passasies. Dit kan óf legato (“slurred”) of los (“detached”) van mekaar uitgevoer word, maar die aksent moet in beide gevalle op die eerste noot van die twee note geplaas word en die onderskeie pare moet effens van mekaar geskei word.

Voorbeeld 3 (Veilhan 1979:23)



Voorbeeld 4 (Donington 1979:455)

Kommentaar: Hierdie voorbeeld van uitgeskrewe *couler* is deur Bach self as deel van die oorspronklike partituur so genoteer.

Gloria uit Mis in B min

J.S. Bach



⁵ Sien paragraaf :5.5.2

Voorbeeld 5 (Donington 1979:462)Uit *Nuove Musiche*

Giulio Caccini 1602

**Voorbeeld 6 (a)** (Donington 1979:462)

Kommentaar: In voorbeeld (a) word die ritme in gelykmatige notasie geskryf. In die herskrewre uitgawe vir klavesimbelconcerto, word dieselfde melodie in voorbeeld (b) in gepunteerde notasie aangedui, wat ongetwyfeld *inégalé* (*couler*) uitgevoer moet word.

Vioolconcerto in E maj
(tweede beweging)

**Voorbeeld 6 (b)** (Donington 1979:463)

Kommentaar: Die bindboë in die onderstaande voorbeeld verskyn nie in die oorspronklike voorbeeld van Donington nie. Dit is slegs ter illustrasie van hoe die ongelykmatigheid geprepeer sal word.

J.S. Bach

**4.5 NOTERING VAN INÉGALITÉ**

Die teoreties korrekte notasie van *inégalité* is ingewikkeld aangesien dit 'n gebruik is waarvan die teoreties geskrewe deel verskil van die praktiese uitvoering, maar voorbeelde van eenvoudige skematiese illustrasies daarvan gee tog 'n goeie aanduiding van hoe dit uitgevoer sou kon word:

- *egualmente*
- *marqué*
- *mesuré*
- *note eguale*
- *notes égales*⁷
- *piqué*⁸

Voorbeeld 9 (Bang Mather 1978:22)

Kommentaar: In die voorbeeld het die komponis, Hotteterre, die bewoording *rondement et croches égales* gebruik wat aandui dat die agste note gelykmatig uitgevoer moet word. *Piqué* is 'n aanduiding vir los note (sien ook voorbeeld 10).

Uit: *L'Art de préluder*

Hotteterre (1710)

The image shows two staves of musical notation in G major (one sharp) and 3/4 time. The first staff is labeled 'Rondement et croches égales' and features a series of eighth notes with slurs and a '+' sign above the eighth note. The second staff is labeled 'piqué' and features a series of eighth notes with slurs and a '+' sign above the eighth note.

4.6.2 Wanneer daar “staccato”- of ander aksentueringsaanduidings bo-aan die note aangedui word.⁹ Dit geld ook in gevalle waar, hetsy dit aangedui word of nie, die betrokke passasie hom leen tot “staccato”-uitvoering (Donington 1982:45).

Voorbeeld 10 (Veilhan 1979:25)

Passage

J.B. Hotteterre

The image shows a single staff of musical notation in G major (one sharp) and 3/4 time. The staff is labeled 'Passage' and features a series of eighth notes with slurs and a '+' sign above the eighth note. The word 'spiccato' is written below the staff.

4.6.3 Wanneer note te vinnig of in sommige gevalle te stadig beweeg om dit effektief uit te voer. Dit sal 'n onrustige atmosfeer skep by te vinnige passasies en 'n uitgerekte, gedrae effek tot gevolg hê by te stadige uitvoering (Donington

⁷ Sien Bylae B p.71: A. Danican-Philidor: Sonate (*Gracieusement*): maat 1

⁸ Sien Bylae B p.67: P. Philidor: *Cinquième Suite* (*Sarabande*): maat 44

⁹ Sien Bylae B p.9: C. Bâton: *Première Suite* (*Gigue*): maat 1 (opslagmaat), mate 2, 4, 5, 6 p.52: F. Couperin: *Le Rossignol Vainquer*: mate 1, 2

1982:45). Die uitsondering op hierdie reël geld wel in gevalle waar die komponis by 'n stadige beweging die melodie so saamgestel het dat dit effektief klink indien dit *inégale* uitgevoer word. Sien voorbeeld 8 (Handel: Grave). Wanneer die algehele tempo van die betrokke beweging vinnig is, sal die *inégalité* feitlik onuitvoerbaar raak (Veilhan 1979:25).

Voorbeeld 11(a) (Veilhan 1979:21)

Kommentaar: Hierdie voorbeeld is die oorspronklike notasie soos deur Naudot aangedui. *Inégalité* kan nie suksesvol hier toegepas word nie aangesien die tempo van die beweging te vinnig is. Voorbeeld (b) toon egter hoe dit wel tot 'n mate toegepas kan word om die melodiese ritme musikaal interessant te maak.

Allegro

J.C. Naudot (c.1741)



Voorbeeld 11(b) (Veilhan 1979:21)

Kommentaar: In hierdie voorbeeld word slegs die eerste noot van elke groepie van vier note met 'n effense aksent uitgevoer. Dit bring 'n mate van *inégalité* mee, maar nie soveel dat dit die ritmiese vloeï van hierdie vinnige beweging sal versteur nie.

J.C. Naudot (c.1741)



4.6.4 Wanneer note in enige ander groepering as in pare van twee aangedui of gegroepeer word as in die natuurlike verloop van die ritmiese patroon, en die melodie dit verhoed om note in pare te groepeer (Donington 1982:25). Dit geld dan ook waar note in groepe van drie voorkom (Veilhan 1979:23).

Voorbeeld 12 (Veilhan 1979:25)

Kommentaar: Die melodie is in groepe van drie agstenote, twee groepe per maat gegroepeer. *Inégalité* is derhalwe nie moontlik sonder om die ritmiese en melodiese konstruksie in so 'n mate te verander dat dit die karakter van die beweging sal verander nie.

Gigue E.F. Naudot (1675-1742)

4.6.5 Waar die melodiese lyn nie trapsgewys beweeg nie, maar in groter intervalspronge voorkom (Donington 1982: 46); ook waar los intervalspronge voorkom¹⁰ (Veilhan 1979:26).

Voorbeeld 13 (Veilhan 1979:26)

Kommentaar: Die melodie beweeg reeds in spronge; *inégalité* sal die ritmiese patroon en vloei van die melodie versteur.

Fugue Hotettere

Spirited, equal quavers

4.6.6 By herhalende note (Veilhan 1979:25).

¹⁰ Sien Bylae B p.35: J de Boismortier: Sonate II (Modérément): mate 24,25, 26, 27
p.36: J de Boismortier: Sonate II (Gavotte): mate 12, 37

Voorbeeld 14 (Veilhan 1979:25)

Kommentaar: Dit is prakties onmoontlik om herhalende note legato ("slurred") op 'n blaasinstrument uit te voer. Deur dit geartikuleerd *inégale* uit te voer sal die melodie se ritmiese vloei verbreek word en dit baie stamperig laat klink.

Allemande

J.C. Schickhardt (1670?-1740)

Allegro



4.6.7 Wanneer meer as twee note onder een bindboog aangedui word (Veilhan 1979:25).

Voorbeeld 15 (Veilhan 1979:25)

Kommentaar: *Inégalité* sal nie in pare van twee hier uitgevoer kan word nie, aangesien die komponis self die note in groepe van drie en vier onder bindboë aandui. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar altyd 'n mate van *inégalité* toegepas sal word om die melodie en ritme interessant te hou.

Passage

Spirited

Jacques Hotteterre 1719



4.6.8 Wanneer die baslyn van 'n *sarabande* in geheel in agstenote genoteer is (Veilhan 1979:26).

Voorbeeld 16 (Veilhan 1979:26)

Sarabande

A. Danican Philidor (1712)



4.6.9 Wanneer kleiner nootwaarde genoteer is en dit 'n ornamentele funksie impliseer (Veilhan 1979:27).

Voorbeeld 17 (Veilhan 1979:27)

Kommentaar: In die voorbeeld dien die twee-en-dertigste note 'n *passage*¹¹-lopie funksie: 'n ornamentele deurgangsnoot passasie. *Inégalité* sal hier die vloeiende verloop van dié funksie onderbreek.

Passage- oefening

J.B. Hottterre 1719

¹¹ Sien paragraaf 5.6.1

4.7 GEVALLE WAAR *INÉGALITÉ* TOEGEPAS MOET WORD















Wanneer daar woordelike aanduidings by die musiek teenwoordig is wat aandui dat note ongelykmatig uitgevoer moet word, behoort *inégalité* toegepas te word (Donington 1982:46).



















Voorbeelde hiervan is:

- *couler*
- *croches inégales*
- *décidé mouvement marqué*
- *inégales*
- *lourer*
- *note diseguale*
- *note lunghette*
- *note puntate*
- *notes inégales*
- *pointer*

4.8 TYDMAATAANDUIDINGS, POLSSLAE EN NOTES INÉGALES

Bang Mather (1978:31) en Veilhan (1979:24) bied albei 'n opsomming van die mees algemene tydmaataanduidings, die aantal polsslæ van elk, asook die nootwaarde van elk wat normaalweg *inégale* gespeel sal word. Die opsomming wat Bang Mather bied, is egter meer deursigtig en word vervolgens aangehaal:

	Tydmaatteken	Polsslæ per maat	Nootwaardes wat normaalweg <i>inégale</i> gespeel sal word
Enkelvoudige tweeslagmaat	C		
	♩		
			
	2		
	2 / 4		
	4 / 8		
Enkelvoudige drieslagmaat	3 / 2		

	3	 	 
	3/4	 	 
	3/8		
Saamgestelde tweeslagmaat	6/4	 	 
	6/8		
	12/8		

4.9 OPSOMMING

Musikante in die moderne era onderskat dikwels (weens onkundigheid) die omvangryke invloed wat *inégalité* op 'n melodie en werk in geheel het waar Barokmusiek, in besonder Franse Barokstyl, ter sprake is. Tog word hierdie gebruik vryelik aangewend in moderne genres soos jazz en populêre musiek, hoewel dit hoogs onwaarskynlik is dat die meeste kunstenaars die aanwending daarvan assosieer met 'n gebruik wat sy ontstaan eeue gelede gehad het. Indien 'n musikant reeds van 'n vroeë ouderdom al blootgestel is aan histories ingeligte opnames en uitvoerings, sal dit uit die aard van die saak makliker wees om *inégalité* op 'n natuurlike wyse aan te voel en uit te voer.

Inégalité kan tereg as die wese van die Franse Barokstyl bestempel word. Studente en onderwysers wat nie aan hierdie uitvoeringspraktyk blootgestel is en dit derhalwe nie kan toepas op Franse Barokmusiek nie, kan nie werklik aanspraak daarop maak dat 'n betrokke werk uit die Franse Baroktydperk op 'n histories ingeligte wyse uitgevoer word nie. Daar moet deeglike kennis aangaande hierdie onderwerp ingewin word: die bestudering van die teoretiese beginsels daarvan en die goeie omskrywinge en voorbeelde wat erkende komponiste uit die Franse Baroktydperk self nagelaat het, bied sekerlik 'n stewige fondasie. Hierdie teoretiese kennis moet egter aangevul word met beluistering van en blootstelling aan goeie praktiese voorbeelde van hierdie unieke en hoogs bruikbare uitvoeringspraktyk. Dit is voorts belangrik om te onthou dat hierdie uitvoeringspraktyk nie alleenlik op gevorderde repertorium van toepassing is nie: daar is 'n groot aantal relatief eenvoudige werke uit die blokfluitrepertorium van die Franse Baroktydperk wat baie geskik is vir aanvangsonderrig. Gepaste kennis by die onderwyser aangaande *inégalité* en *égalité* sal hierdie (dikwels) kort werke soveel meer genotvol en sinvol maak om uit te voer.

HOOFSTUK 5: ORNAMENTASIE VIR HOUTBLAASINSTRUMENTE IN FRANSE BAROKMUSIEK

It is the same with taste in melody as with the actor's movement: the absence of the truly natural is always felt in what is only imitation. An ornament may be executed as well as possible, but if it is not guided by sentiment, there will always be lacking that certain something which provides all the merit. Too much or too little, too soon or too late, longer or shorter in delayed attacks, in the swelled and diminished tones, in the beating of the trills, called cadences; in a word, lacking the perfect precision which the expression demands, the ornament becomes insipid (Rousseau 1768) (Bang Mather 1978:51).

5.1. INLEIDING

Die gebruiksterminologie van die onderskeie afdelings van ornamentasie word eers bespreek en verduidelik alvorens die onderskeie afdelings behandel word.

5.2 GEBRUIKSTERMINOLOGIE VIR ORNAMENTASIE

In 'n musiekkonteks in Afrikaans word die terme "versierings" en "ornamentasie" onderskeidelik gebruik. Die term "versierings" verwys na die verskillende individuele versierings, soos die triller, appoggiatura en die draaisneller. Dit is egter die term "ornamentasie" wat nie oor die algemeen korrek in konteks gebruik word nie en tot verwarring kan lei.

Veilhan (1979:33) maak 'n duidelike onderskeid tussen versierings (Engels: "grace notes"; Frans: *notes de goût* of *agréments*) en ornamente (Engels: "ornaments", Frans: *ornements*). Hy stel dit dat versierings meer suiwer (duidelik) en bondig (Engels: "concise") is. Dit is dan inderdaad die klein note: die trillers, die mordente, die appoggiaturas, wat deur die komponis self bygevoeg is of deur die speler ingevoeg word, met die doel om die musikale teks te versier. *Agréments du chant* (versierings van die melodie) se doel was om die melodie aantrekliker te maak. Franse musici van die agtiende eeu het die familie versierings wat die note met

mekaar verbind of laat saamvloei *notes de goût* (Engels: “notes of taste”) genoem en die kuns om goeie versierings te kan toepas *goût de chant* (Engels: “taste in melody”). Jean-Jacques Rousseau skryf in sy **Dictionnaire de musique** (Parys 1768) soos volg:

Goût de chant is the name in France for the art of singing or playing notes with the ornaments suitable to them, in order to cover up somewhat the insipidity of French melody. In Paris one finds several teachers of taste in melody...(Rousseau, Parys 1768) (Bang Mather 1978:51).

Vir die doel van hierdie studie word die terme “ornamentasie”, versierings” en “ornamentele gebruike” onderskeidelik gebruik:

Ornamentasie verwys na die globale uitvoeringspraktyk wat gebruik is om ‘n bepaalde melodie te verryk. Hierby ingesluit is dan die individuele versierings en die ornamentasievorme. Dit omskryf dus die algehele kuns van versiering, en verwys nie net na die individuele versierings nie. **Versierings** verwys na die individuele essensiële¹ versierings soos byvoorbeeld die mordente en trillers. **Ornamentele gebruike** verwys na verskillende gebruike (wat ook versierings mag insluit), wat aangewend is om die melodie te varieer. Hierdie gebruike sluit in *doubles diminutions* en *passages*.² Veilhan gebruik die Engelse term “variations” om hierdie gebruike almal saam te groepeer. Die vertaling in Afrikaans na “variasies” vanuit die Engelse “variations” kan egter problematies wees, aangesien die term “variasies” in Afrikaans meer geassosieer word met die “modifikasie van ‘n musikale idee” (Ottermann & Smit 200:260), as die toepassing van bepaalde ornamentele gebruike.

5.3 DIE INDELING VAN ORNAMENTASIE

Ornamentasie word algemeen gegroepeer in twee hoofgroepe:

¹ Wesenlike of onontbeerlike (Odendal 2000:212)

² Sien paragraaf 5.6 vir definisies van *doubles*, *diminutions* en *passages*

- 1) Essensiële versierings (Engels: “essential graces”) soos byvoorbeeld die *port de voix*, die *tremblement*, die *pincé* en die *tour de gosier* en
- 2) Ornamentele gebruike (Engels: “extempore variations”), naamlik *doubles*, *passages* en *diminutions* (Engels: “diminutions”; Afrikaans: diminuering) (Bang Mather 1978:51).

5.4 DIE TOEPASSING VAN ORNAMENTASIE

It is almost impossible by using the written word to teach the manner of performing (these) grace notes well, since even the living voice of an experienced master barely suffices for that (Michel Pinolet de Montéclair 1736) (Veilhan 1979:33).

Musici van die Franse Baroktydperk het telkens vermanings gebied teen die onoordeelkundige aanwending en toepassing van ornamentasie. Die stelling dat goeie oordeel aan die dag gelê moet word is telkens beklemtoon. Saint-Lambert bied 'n paar wenke vir musici met die uitvoering van ornamentasie in sy verhandeling³ aan:

It is impossible ever to fully understand how all these grace notes must be expressed; because it is not possible to explain it completely in writing, since the manner of expressing them changes according to the piece in which they are used. And here I can only say in a general way: grace notes should never alter the melody nor the metre of a piece; thus, for pieces in a spirited tempo, the appoggiaturas and arpeggios should be quicker than when the movement is slow. One must never hurry in making a grace note, however quickly it has to be played; one must take one's time to prepare the fingers, and perform it with boldness and freedom.

Good taste is the only criterion. However, it is important to know how to perform grace notes well; for otherwise they will disfigure pieces instead of increasing their beauty, and it would be better not to play them at all than to play them badly (Michel Saint-Lambert 1702) (Veilhan 1979:33).

³ *Les principes de clavecin avec des remarques nécessaires pour l'intelligence de plusieurs difficultés de la musique* (Parys 1702) (Veilhan 1079:33).

5.5 ESSENSIËLE VERSIERINGS

Rousseau omskryf ornamentasie soos volg in sy musiekwoordeboek:

(There) are two kinds (of notes of taste): those which belong to the melody but not to the harmony, in such a way that, though they enter into the time, they do not enter into the chord. These are notated in large notes. The other (notes of taste) enter into neither the harmony nor the melody. They are marked with little notes which do not count in the time and whose short duration is taken from the note which precedes or follows them (Rousseau, Parys 1768) (Bang Mather 1978:51)

Rousseau illustreer sy stelling met die volgende voorbeelde :

Voorbeeld 1 (Bang Mather 1978:51)

Kommentaar: die eerste tipe diminuierende note ("notes of taste") waarna Rousseau verwys word met stele na bo aangedui.

J. Rousseau 1768



Voorbeeld 2 (Bang Mather 1978:51)

Kommentaar: die tweede tipe "notes of taste" waarna Rousseau verwys: 1) draaisnellers, 2) glyers⁴ en 3) deurgaande *ports de voix*, word in die klein notasie aangedui.

J. Rousseau 1768



Die volgende versierings is geïdentifiseer as die mees algemeen-gebruikte versierings en word in alfabetiese volgorde bespreek en geïllustreer :

⁴ Engels: "slides"

- *Accent*
- *Chûte*
- *Coulade*
- *Flattement*
- *Pincé*
- *Port de voix*
- *Son enflé*
- *Tour de chant*
- *Tour de gosier*
- *Tremblement*

5.5.1 *Accent*

Aanduiding:



Sinonieme: *plainte*; *son coupé* (onderbroke klank)

Definisie

Accent beteken “beklemtoon” of “uitdrukking”. *Plainte* beteken “kreun”, “steun” of “lamentasie”. Dit is ‘n versiering wat aanvanklik deur sangers gebruik is. Montéclair stel dit dat nóg die toonhoogte nóg die ritme daarvan duidelik gespesifiseer is. Dit is ook volgens Montéclair meer in die *air plaintif*⁵ gebruik as in vrolike bewegings of musiek wat enige vorm van woede of aggressie uitbeeld (Bang Mather 1978:77).

⁵ ‘n Klaende lied of liedagtige komposisie (Ottermann en Smit: 2000:23)

Die *accent* word op die noot net bokant die noot waarlangs die teken aangedui is, uitgevoer. Die versiering is eers teen die einde van hierdie noot se lengte uitgevoer, met ander woorde so laat as moontlik. Die tydsduur van die *accent* is derhalwe ook aan hierdie hoofnoot ontleen (Bang Mather 1978:77). Veilhan (1979:34) definieer die *accent* as 'n verbeeldingsnoot; 'n onderbreking van die stem. Die *accent* kom ook algemeen voor tussen 'n gepunteerde kwartnoot wat opgevolg word deur 'n agstenoot op dieselfde toonhoogte in 'n beweging waar die agstenote ongelykmatig is (Bang Mather 1978:77).

Voorbeeld 3 (Veilhan 1979:34)



Voorbeeld 4 (Bang Mather 1978:77)

Kommentaar: Die aanbevole artikulasie word aangedui. Freillon-Poncein dui aan dat gepunteerde note op dieselfde toonhoogte onderskeidelik met 'n "tu ru" geartikuleer moet word.

Uit: *La Véritable Manière*

Freillon-Poncein 1700

The image shows two staves of musical notation in treble clef with a common time signature. The first staff contains a sequence of notes with lyrics 'tu tu ru' repeated five times. The second staff continues the melody with lyrics 'tu tu ru tu ru'. An accent mark is placed above a dotted quarter note in the second staff.

Voorbeeld 5 (Bang Mather 1978:77)

Uit: *Principes*

Hotteterre 1708

The image shows a musical staff in treble clef with a common time signature. It contains a sequence of notes. An accent mark is placed above a dotted quarter note.

Voorbeeld 6 (Bang Mather 78 p.78)

Kommentaar: Corrette beveel aan dat die *accent* op langer note, wat trapsgewys daal, of tussen twee note van dieselfde toonhoogte uitgevoer word, selfs al is dit nie so aangedui deur die komponis nie. Die kleingeskrewe nootjies in die voorbeeld toon aan waar die *accent* uitgevoer kan word en is nie noodwendig deel van die oorspronklike notasie nie.

5.5.2 *Chûte*


Sinonieme: Engels: "fall"

Definisie

Die *chûte* word oorwegend by musiek met 'n treurige stemming uitgevoer. Dit verbind 'n hoër noot met 'n laer noot deur 'n vooruitneming van die laer noot. Volgens Montéclair⁶ word die *chûte* subtiel en sag na die laer noot uitgevoer (Bang Mather 1978:78).


Voorbeeld 7 (Bang Mather 1978:78)**Voorbeeld 8** (Bang Mather 1978:78)

Kommentaar: 'n Aanbevole artikulasie word deur Freillon-Poncein onder die notasie aangedui



⁶ Uit sy verhandeling *Méthode nouvelle ou principes généraux pour apprendre facilement la musique et l'art du chant* (Parys 1769) (Bang Mather 1978:95).

5.5.3 *Coulade* en “Tirata”

Aanduidings : 

Kleiner nootwaardes in toonleerprogressies word aangedui.

Sinonieme: “run”

Definisie

Die *coulade* is ‘n instrumentale toonleerpassasie wat twee note met mekaar verbind (Bang Mather 1978:79). Dit bestaan uit twee of meer (kleiner) note en kan opgaande of afgaande beweeg (Veilhan 1979:35). Dit kan óp die polsslag of voor die polsslag uitgevoer word, maar kom oorwegend voor die polsslag voor (Bang Mather 1978:79).

Coulades (en *tiratas*) kan per definisie ook onder die afdeling van ornamentele gebruike⁷ (“free dimitutions”) val, aangesien dit soms ook uit ‘n hele aantal nootjies kan bestaan en dus as ‘n meer vryer versiering bekend staan. Dit is egter nie so improvisatories van aard as die *passages*⁸ nie en derhalwe as versierings bespreek word.

Volgens Neumann (1978:205) het die Franse teoretici min aandag gegee aan die *coulade*. Franse komponiste het dit egter vanaf die laaste kwart van die sewentiende eeu begin aandui, en wel in kleingenoteerde nootjies wat aan gewone grootte note met ‘n bindboog verbind is. Dit was die mees algemene aanduiding vir die *coulade*, hoewel komponiste wel verskil het met hul aanduidings. D’Anglebert is moontlik die eerste Franse komponis wat die *coulade* in sy omvattende ornamentele tabel **Pièces de clavecin**, Parys 1689, aandui en omskryf. Hy gebruik ‘n omgekeerde bindboog om dit aan te dui. Die begin van die bindboog word op die lyn of in die spasie geplaas wat die aanvangsnoot van die *coulade* aandui.

⁷ Sien paragraaf 5.6

⁸ Sien paragraaf 5.6.1

Voorbeeld 11 (Bang Mather 1978:79)

Kommentaar: Loulié dui 'n verskeidenheid van *coulades* in hierdie voorbeeld aan.

Stygende *coulades*

Etienne Loulié 1696



Dalende *coulades*



Voorbeeld 12 (Neumann 1978:206)

Kommentaar: D'Affilard dui die *coulade* (hy verwys daarna as 'n *port de voix doublé*) met 'n / aan.

Michel D' Affilard 1694



Voorbeeld 13 (Neumann 1978:207)

Kommentaar: Saint Lambert dui die noot waarop die *coulade* moet begin aan deur die skuinsstreep op die lyn of in die spasie te plaas waarvandaan die noot begin moet word:

Michel de Saint -Lambert 1702



Voorbeeld 14 (Neumann 1978:208)

Hotteterre



Tirata

Veilhan (1979:18) omskryf die *tirata* as verwant aan die *coulade*. Waar die *coulade* se kleiner nootjies gebonde uitgevoer word, word die *tirata* s'n geartikuleer. Donington (1979:268) tref geen onderskeid tussen die *tirata* en die *coulade* nie. Neumann (1978:204) verwys net daarna deur te meld dat Italiaanse komponiste dit *tirata* noem, die Franse *coulade* en die Duitsers "Pfeil". Bang Mather (1978:79) bespreek slegs die *coulade* en maak geen melding van die *tirata* nie.

Montéclair omskryf die *tirata* soos volg:

The *tirata* requires separate bowing or, on wind instruments, tonguing for each note, and the *coulade* (run) takes all the notes under a single bow, or in a single tongue stroke, or on the same syllable (Montéclair) (Veilhan 1979:18).

Voorbeeld 15 (Veilhan 1979:18)

Kommentaar: Montéclair maak 'n onderskeid tussen wat hy as *tiratas* uitgevoer wil hê en wat as *coulades*. Die *tiratas* is nie met bindboë aangedui nie en word geartikuleer, terwyl die *coulade* wel met bindboë aangedui word. Die teks dui aan hoe 'n sanger die *coulades* moet sing.

Michel Pinolet de Montéclair 1736

tiratas

coulade

vo-lez, vo - lez, pe-tits oi - seaux vo-lez - - - - pe-tits - oi - seaux

5.5.4 *Flattement*

Aanduiding:

Sinonieme: "finger vibrato"; *flatté*

Definisie

Flattement is afgelei van die Franse woord *flatter*, wat beteken om te streef; om mooi te maak (Van Wely 1987:269). Dit is 'n karakteristieke versiering uit die Franse Barokstyl wat tussen die triller en die vibrato se effek val (Veilhan 1979:36). Volgens Mahaut (Veilhan 1979:36) is die *flattement* stadiger as die triller. Montéclair stel dit dat die *flattement* dieselfde effek het as die vibrasie wat 'n stryker met die vinger op 'n snaar uitvoer (Veilhan 1979:36.) Dit kom veral voor waar 'n toename of afname in die klanksterkte van 'n lang noot verlang word.

Die *flattement* word op houtblaasinstrumente soos die *traverso*-fluit en blokfluit uitgevoer deur 'n vinger, of vingers, oor 'n halwe openinge of volle opening(e) van die instrument te beweeg. Hotteterre het ook voorgestel dat die instrument letterlik geskud word om die effek te verkry (Bang Mather 1978:65). Komponiste het verskillende opsigte van opinies oor hoe *flattements* in 'n beweging aangewend mag word, veral ten opsigte van die aantal *flattements*. Dit is dus raadsaam om inligting aangaande die betrokke komponis se voorkeure rakende die aanwending van *flattements* so ver moontlik in te win alvorens 'n beweging daarmee uitgevoer word.

Hotteterre verkies byvoorbeeld dat *flattements* op feitlik alle lang note (heelnote, halwenote, gepunteerde kwartnote ensovoorts) uitgevoer moet word. Delusse (Bang Mather 1978:65) beveel ook aan dat so veel moontlik *flattements* aangewend word, maar dat goeie oordeel alleen bepalend is.

Voorbeeld 16 (Bang Mather 1978:65)

Kommentaar: Hotteterre dui die twee *flattements* in die voorbeeld met 'n w-teken aan.

Uit: *Principes du musique*

Hotteterre 1707



w = *flattement*
I = *pincé*
+ = *tremblement*

Voorbeeld 17 (Veilhan 1979:36)

Kommentaar: Montéclair verwys na die *flattement* in hierdie voorbeeld as *flatté*



Montéclair meen dat indien 'n *flattement* op elke lang noot uitgevoer word, dit die melodie te bewerig (*tremulous*) en eenvormig sal maak (Veilhan 1979:37).

Voorbeeld 18 (Veilhan 1979:37)

Kommentaar: Montéclair dui die *flattement* as 'n *flatté* aan. Die asterisk (*) dui plekke aan waar Montéclair dit as 'n swak keuse sou beskou om 'n *flattement* uit te voer.

5.5.5 *Pincé*

Aanduiding: l ; v, w, wv, Λ, w, wv, wv+, ,

Sinonieme: mordent; "Schneller"; *martellement*; *flaté*; *flatté*


Definisie

Pincé is die Frans vir *mordent*. Bang Mather (1978:74) omskryf dit as 'n vinnige afwisseling van die hoofnoot en die noot net onder die hoofnoot. Hotteterre dui aan dat dit vinnig uitgevoer moet word, maar effens stadiger by stadige bewegings (Bang Mather 1978:74). Delusse stel dit dat die *pincé* "verskillende emosies in musiek kan uitbeeld": woede of aggressie wanneer dit langer aangehou en met krag gespeel word; vreugde of genot wanneer dit korter en sagter uitgevoer word, vrees of afgryse

en selfs droefheid wanneer dit sag met 'n gepaardgaande crescendo uitgevoer word (Bang Mather 1978:76). Vir Quantz verteenwoordig dit egter 'n vrolike gemoedstemming.⁹

Voorbeeld 19 (Bang Mather 1978:75)

Uit: *Premier Livre* Jacques Hotteterre 1708



Die aantal afwisselings waaruit 'n *pincé* bestaan wissel van een tot twee of meer. Loulié dui dit met 'n "v" aan vir een afwisseling; "w" vir twee en "wv" vir drie afwisselings (Bang Mather 1978:75).

Voorbeeld 20 (Bang Mather 1978:75)


Uit: *Éléments ou principes de musique* Étienne Loulié 1696



Voorbeeld 21 (Bang Mather 1978:75)

Kommentaar: Quantz begin die korter *pincé* op die hoofnoot en die langer een op die noot van onder af. Hy geen geen spesifieke aanduidings vir die *pincé* nie.

Uit: *Versuch* (On Playing the Flute) J.J. Quantz 1752



⁹ Sien Bylae B p.4 Aubert: Amuzette IV: mate 1, 3, 6, 9, 12
p.47 E. Chédeville: *Sonatille galante* I (*Lentement*): maat 6

Hotteterre wys daarop dat dit moeilik is om riglyne aan te dui vir nog moontlike plekke waar die *pincé* uitgevoer kan word in die musiek, anders as wat reeds aangedui is met 'n simbool. Hy gee tog wel die wenk dat dit meer op kort note (soos kwartnote by lewendige ritmes en agstenote in bewegings waar die agstenote as gelykmatig – *égale* - aangedui is) uitgevoer kan word. Freillon-Poncein is van mening dat die *pincé* verwant is aan die *port de voix*, maar dat dit aansienlik vinniger en meer abrupt uitgevoer moet word. Rousseau was ook iemand wat die noue verwantskap tussen die *pincé* en die *port de voix* beklemtoon het. Hy stel dit dat die “*pincé* onafskeidbaar van die *port de voix* is” aangesien die *port de voix* altyd met 'n mordent (*pincé*) moet eindig.¹⁰ Rousseau impliseer hiermee egter nie dat elke *pincé* met 'n *port de voix* voorafgegaan moet word nie (Neumann 1978:424).

Die gebruik van die *pincé*

When it (the *pincé* or mordent) is made on a third, a fourth or a sixth, so long as it is in the minor (key), it must be emphasised like an appoggiatura and must first rise, with the finger curled rapidly just once or twice. All quavers that are preceded by a dotted crotchet or its equivalent should be played with a mordent (*pincé*). In metres, which are solomn such as some in four and two and all those in three beats, there must generally be a mordent on the last notes of each piece, by which I mean on the first of the last two notes. One should only make one mordent in each bar when there are only crothets and the same applies proportionately to other note values; note that one can play more of them in lively airs, because they make the melody more brilliantly (Freillon-Poncein 1737).¹¹

Bang Mather (1973:75) bied die volgende riglyne ten opsigte van moontlike plekke waar die *pincé* uitgevoer kan word:

1) Ná die uitvoering van 'n *port de voix*, van onder af benader en mits tyd dit toelaat:

¹⁰ Sien Bylae B p.51: F. Couperin: *Le Rossignol en Amour (Lentement)*: mate 1, 2, 4, 5, 6
p.66: P. Philidor: *Cinquième Suite (tres lentement)*: mate 2, 3, 7, 10, 13

¹¹ Uit: *La véritable Manière d'apprendre Facilement la Musique et l'art de Chanter*, Parys 1737 (Veilhan 1979:38).

Voorbeeld 22 (Bang Mather 1978:11):

Kommentaar: Die *pincé* word met 'n "l" aangedui. Die *port de voix* wat die *pincé* voorafgaan word met 'n hakie "¬" aangedui. Ander *ports de voix* word met 'n "v" aangedui:

Suite I Op.4: Gravement

Jacques Hotteterre 1712

2) By spronge:

Voorbeeld 23 (Bang Mather 1978:12)

Kommentaar: Die spronge met die gepaardgaande voorbeelde van *pincés* word met hakies "¬" aangedui. Ander *pincés* word ook aangedui.

La Marche du Roy (die koning se mars)

Marie Dominique Engramelle 1775

3) By die finale noot (afsluitingsnoot), mits dit met 'n *port de voix* voorafgegaan word:

Voorbeeld 24 (Bang Mather 1978:29)

Kommentaar: Die *pincé* word met "l" aangedui.

Uit: Sonate IV : Siciliano

Michel Blavet 1753

5) Op die aanvangsnoot van 'n melodie (hetsy dit 'n halfnoot, kwartnoot of agstenoot is), mits tyd dit toelaat:

Voorbeeld 25 (Bang Mather 1978:11)

Kommentaar: *Pincé* met "I" aangedui op aanvangsnoot.

Suite I Op.4: Gravement

Jacques Hotteterre 1712

6) Vir aksentuering (beklemtoning):

Voorbeeld 26 (Bang Mather 1978:9)

Kommentaar: Hotteterre dui die *pincé* met 'n "I" aan. Die *pincé* word op die eerste G in maat twee uitgevoer en aksentueer sodoende dié noot en nie die tweede G nie.

Uit: *Allemande* (Suite I Op.4)

Jacques Hotteterre 1712

5.5.6 *Port de voix*

Sinonieme: "Appoggiatura"; "beat" of "forefall" (opgaande vorm) en "backfall" (afgaande vorm); "Accent steigend" (opgaande vorm) en "Accent fallend" (dalende vorm) (Bang Mather 1978:53). Meervoud: *ports de voix*.

Aanduiding: Sien die onderskeie indelings van die *ports de voix* vir verskillende aanduidings.

Die term *port de voix* beteken letterlik om die klank te dra (“carrying the sound”) van die een noot na die volgende noot. Dit was ‘n algemene beskrywing vir enkel- en dubbelnoot versierings wat trapsgewys op- of afgaande na die volgende noot beweeg het (Bang Mather 1978:73). Quantz (Reilley 1976:93) spesifiseer twee tipes *ports de voix*:

- 1) Die deurgaande *port de voix* (*port de voix passager*)
- 2) Die geaksentueerde *port de voix* (*port de voix frappants*)

Bang Mather (1978:53) onderskei die verskillende tipes Franse *ports de voix* van mekaar in soverre dit enkel of dubbele *ports de voix* is en of dit opgaande of afgaande is.

Die onderskeie tipes *ports de voix* is:

- 1) *Port de voix simple*
- 2) *Coulé*
- 3) *Port de voix double*

5.5.6 1 *Port de voix simple*

Die *port de voix simple* staan ook bekend as die *port de voix ascendent* of slegs as *port de voix*. Dit is ‘n enkele *port de voix* wat trapsgewys opgaande beweeg na die volgende melodienoot. Die volgende voorbeeld dui aan hoe d’Anglebert, Loulié, Hotteterre en Rameau dit onderskeidelik in hulle komposisies aangedui het.¹²

Voorbeeld 27 (Bang Mather 1978: 52)

Port de voix simple

	d'Anglebert 1689	Hotteterre 1707	Loulie 1696	Rameau 1724
--	---------------------	--------------------	----------------	----------------

¹² Sien Bylae p.6: C Bâton: Première Suite (Rondeau): mate 20, 62

Die *port de voix simple* het 'n menigte verskillende uitvoeringsmoontlikhede, soos gevind word in verhandelings uit die sewentiende en agtiende eeu. Die volgende voorbeeld toon die veelsydigheid van hierdie *port de voix* opsommend aan, waarna die individuele tipes afsonderlik bespreek en geïllustreer word:

Voorbeeld 28 (Bang Mather 1978: 54)

Kommentaar: In die voorbeeld word die *port de voix* voor die polsslag uitgevoer:

Uit: The Principle Agréments

Putnam Aldrich 1942



Voorbeeld 29 (Bang Mather 1978:55)

Kommentaar: In die voorbeeld word die *port de voix* oor die polsslag gedra:



Voorbeeld 30 (Bang Mather 1978:55)

Kommentaar: In die voorbeeld word die *port de voix* op die polsslag uitgevoer:

Aldrich 1942



Die *port de voix* dra altyd enige kruis skuifteken vanaf die voorafgaande noot oor: (Bang Mather 1978:55):

Voorbeeld 31 (Bang Mather 1978:55)

Uit: The Principal Agréments

Putnam Aldrich 1942



Bang Mather (1978: 53) onderverdeel die *port de voix simple* verder in vier tipes:

- 1) Die deurgaande *port de voix*
- 2) Die matig vinnige *port de voix*
- 3) Die lang (wisselende) *port de voix* ("varying appoggiatura")
- 4) Die kort *port de voix*

5.5.6.1.1 *Die deurgaande port de voix* ("passing appoggiatura")

Die deurgaande *port de voix* word deurlopend deur die sewentiende en eerste helfte van die agtiende eeu deur die Franse en Duitse musici gebruik. Dit word aangewend om die interval van 'n dalende derde te vul. Dit het 'n melodiese funksie en wel om die oorgang van die een noot na 'n ander so geleidelik en vloeiend moontlik te laat geskied.¹³ Oorwegend word dit onbeklemtoon en voor die polsslag uitgevoer (Bang Mather 1978:53). Voorbeelde van die deurgaande *port de voix* is soos volg:

Voorbeeld 32 (Bang Mather 1978:56)

Kommentaar: Die eerste twee mate toon die oorspronklike tema. Mate drie en vier toon Quantz se voorbeeld van hoe dit uitgevoer kan word. Die gepunteerde notasie is slegs by benadering.

Oorspronklike tema

Uit: Versuch

Johann Joachim Quantz 1752



¹³ Sien Bylae B p.10: J de Boismortier: *Première Suite (Allemande)*: mate 5, 6, 7
 p.33: J de Boismortier: *Sonate I (Allemande)*: mate 23, 25
 p.35: J de Boismortier: *Sonate II (Modérément)*: mate 1, 12, 31
 p.46: N. Chédeville: *Menuet Italien*: mate 7, 15, 21, 23, 27
 p.69: A. Danican-Philidor: *Sonate (Lentement)*: mate 20, 32, 35

Voorbeeld 33 (Bang Mather 1978:57)

Kommentaar: Die volgende twee uitgeskrewe voorbeelde van Quantz se oorspronklike tema soos in die voorbeeld hierbo gegee, is deur C.P.E. Bach gedoen.

Uit: Versuch
vinniger tempo

stadiger tempo

J.J. Quantz 1752

Voorbeeld 34 (Donington 1982:120)

Kommentaar: Die wyse van notasie dui daarop dat die *ports de voix* in beide die volgende twee voorbeelde voor die polsslag uitgevoer moet word en dan wel legato na die volgende noot gebind word. Die natuurlike aksent word op die polsslag uitgevoer (Donington 1982:120).

Uit: *Éléments de musique*

E. Loulié: Parys 1696

Voorbeeld 35 (Donington 1982:120)

Uit: *Dictionnaire de musique*

J.Rousseau Parys 1768

5.5.6.1.2 Die matig *vinnige port de voix*

Hierdie vorm van die *port de voix* is in die sewentiende eeu algemeen aanvaar as die standaard vorm van die *ports de voix*-familie, en wel in lande soos Frankryk, Duitsland en Engeland. Teen die einde van die sewentiende eeu het sangers en instrumentaliste van Frankryk dit oorwegend onbeklemtoon en vóór die polsslag

uitgevoer. Aan die begin van die agtiende eeu het ander instrumentaliste dit egter toenemend óp die polsslag begin uitvoer. Indien dit op die polsslag uitgevoer word, vorm dit 'n harmoniese dissonansie met die baslyn tesame met 'n ritmiese aksentuering. Dit het dus 'n ritmiese sowel as harmoniese funksie vervul. Word dit egter vóór die polsslag uitgevoer, vervul dit slegs 'n melodiese funksie (Bang Mather 1978: 53).

Voorbeeld 36 (Bang Mather 1978:540)

Voor die polsslag

Op die polsslag

meer ritmiese buiging

meer harmoniese buiging

Voorbeeld 37 (Bang Mather 1978:60)

Kommentaar: Rousseau toon die matig vinnige opgaande *port de voix* in sy **Traité de la voile** aan, met 'n gevaardgaande tweede sisteem waar die *ports de voix* wat in die boonste sisteem aangedui is, uitgeskryf word. Bang Mather dui die onderskeie *ports de voix*, wat in hierdie voorbeeld almal op die sterk polsslae val, soos volg aan:

A & D: Enkelvoudige vierslagmaat *port de voix* val op die derde pols

B & C: Enkelvoudige vierslagmaat: *port de voix* val op die eerste pols

E: Enkelvoudige drieslagmaat: *port de voix* val op die eerste noot in die maat

F & G: Enkelvoudige tweeslagmaat: *port de voix* val op die eerste polsslag. Dit kan wel ook op die tweede polslag val.

Uit: *Traité de la viole*

Jean Rousseau 1687

5.5.6.1.3 Die lang (wisselende) *port de voix*

Quantz (Bang Mather 1978: 57) stel dit dat hierdie *port de voix*, hetsy dit opgaande of afgaande uitgevoer word, die helfte of twee derdes van die noot wat dit opvolg se lengte neem (sommige vroeëre omskrywings dui aan dat dit slegs een derde van die waarde van 'n gepunteerde noot oorneem). In gevalle waar note oorgebind is (Engels: "tied figures") neem dit die lengte van die eerste oorgebiede noot oor (dus die eerste noot wat direk na die *port de voix* volg). Wanneer hierdie noot deur 'n rusteken opgevolg word, neem die *port de voix* die lengte van die noot wat dit opvolg, en dié noot neem weer die lengte van die rusteken. Die volgende voorbeelde illustreer die lang *port de voix* in sy verskillende vorme:

Voorbeeld 38 (Bang Mather 1978:57)

Kommentaar: Die *port de voix* neem die helfte van die nootwaarde van die noot wat dit opvolg:

**Voorbeeld 39** (Bang Mather 1978:57)

Kommentaar: Die *port de voix* neem twee derdes van die lengte van die noot wat dit opvolg.

**Voorbeeld 40** (Bang Mather 1978:58)

Kommentaar: Die *port de voix* neem die lengte van die eerste oorgebiede noot. Wanneer die tydmaat 6/8 of 6/4 is, en twee note van eenderse stemming word met 'n bindboog aangedui waarvan die eerste van hierdie twee note gepunteerd is, neem die *port de voix* die volle duur van hierdie noot oor.



Voorbeeld 41 (Bang Mather 1978:58)

Kommentaar: *Port de voix* neem die lengte van die eerste oorgebonde noot.

**Voorbeeld 42** (Bang Mather 1978:58)

Kommentaar: *Port de voix* neem die volle waarde van die noot wat dit opvolg en hierdie noot neem dan weer die volle lengte (waarde) van die rusteken oor.


5.5.6.1.4 Die kort *port de voix*

Die kort *port de voix* is min deur Franse musici vermeld of as voorbeeld voorgehou, maar dit kom tog voor in Franse musiek van die tweede helfte van die agtiende eeu.

Quantz beveel die volgende aan rakende die kort *port de voix* (Bang Mather 1978:58):

- Die *port de voix* moet kort en óp die polsslag uitgevoer word wanneer dit voor twee of meer langer herhalende note aangedui word.
- Wanneer twee *ports de voix* voor een noot aangedui word (in die geval waar die eerste *port de voix* in klein notasie aangedui word en die tweede *port de voix* as 'n gewone grootte noot), word die eerste kleingeskrewe *port de voix*

kort, onbeklemtoond en in die tyd van die vorige noot gespeel. Dit kom veral voor by 'n *caesura*.¹⁴

- Indien die volgende ritmiese patroon  voorkom: Dit word dit vinnig, onbeklemtoond en in die tyd van die vorige noot uitgevoer (dus nie in die tyd van die noot wat die *port de voix* opvolg nie). Dit het verhoed dat dit soos vier gelykritmiese sestiende note klink (Bang Mather 1978:58). Quantz illustreer hierdie uiteensettings soos volg:

Voorbeeld 43 (Bang Mather 1978:58)

Kommentaar: *Ports de voix* word kort en op die polsslake uitgevoer wanneer dit voor twee of meer langer herhalende note aangedui word. Quantz dui die *ports de voix* hier met sestiende note aan, teenoor die agste noot vir die *port de voix* in sy ander voorbeelde.

J.J. Quantz 1752



Voorbeeld 44 (Bang Mather 1978:58)

Kommentaar: Die *port de voix* in kleingeskrewe notasie word kort, onbeklemtoond en in die tyd van die vorige noot uitgevoer.



Voorbeeld 45 (Bang Mather 1978:58)

Kommentaar: Indien die ritmiese patroon  in die melodie verskyn, sal die *port de voix* as volg ingevoeg en uitgevoer word:

Quantz



¹⁴ 'n Sesuur: 'n pouse tussen twee frases (Ottermann & Smit 2000:46)

5.5.6.2 Die *coulé*

Die *coulé* staan ook bekend as *coulement*, *chûte* en *port de voix descendant*. Dit is 'n enkele *port de voix* wat afgaande na die volgende noot beweeg. Bang Mather (1978:53) verduidelik die verskillende afleidings van die woord *coulé* soos volg: *couler* (infinitief) beteken om te hardloop of om te beweeg of om te vloei. *Coulé* (verlede deelwoord) beteken saambeweeg of saamgevloei en *coulement* (selfstandige naamwoord) beteken aaneenloping of vloei. Die woord *couler* beteken ook om legato te speel (to slur) en *coulé* is 'n aanduiding vir legatospel.

Voorbeeld 46 (Bang Mather 1978:52)

Kommentaar: 'n Voorstelling van voorbeelde soos aangedui deur d'Anglebert, Loulié, Hotteterre en Rameau van die uitvoering van 'n *coulé*.

Coulé

d'Anglebert
1689
Loulie
1696
Hotteterre
1708
Rameau
1724

Voorbeeld 47 (Bang Mather 1978:55)

Kommentaar: Die volgende voorbeelde van die *coulé* is soos deur Putnam Aldrich¹⁵ uiteengesit.

Aldrich 1942

5.5.6.3 Die *port de voix double*

Die *port de voix double* staan ook bekend as 'n glyer of in Engels as die "slide". Dit is 'n dubbele *port de voix* wat oor die algemeen na die volgende noot in 'n opgaande beweging gevorder het.¹⁶ Voorbeelde hiervan is soos volg:

¹⁵ Putnam Aldrich: **Principal Agréments of the seventeenth and eighteenth Centuries** (Harvard: 1942), soos aangehaal uit Bang Mather 1978:55.

¹⁶ Sien Bylae B p.123: J. Hotteterre: *Troisième Suite (Prelude)*: maat 13

Voorbeeld 48 (Bang Mather 1978:52)

Kommentaar: Twee voorbeelde van die *port de voix double* soos deur d'Anglebert en Hotteterre onderskeidelik aangedui is:

**Voorbeeld 49** (Bang Mather 1978:56)

Kommentaar: Aldrich toon verdere moontlikhede vir die voorstelling van *ports de voix* wat in die Franse Baroktydperk gebruik is. Voorbeelde A) en B) is meestal in die sewentiende eeu gebruik. Voorbeeld C) was die standaard agtiende-eeuse weergawe.

5.5.6.4 Quantz en die *port de voix*

Quantz se omskrywing en bespreking van die *port de voix* in sy **Versuch** is toonaangewend en word deur menige leermeester en student wat gemoed is met houtblaasinstrumente en outentieke uitvoeringspraktyk as een van die insiggewendste handleidings beskou.

Quantz dui 'n paar addisionele algemene riglyne aangaande die gebruik van die *port de voix* aan wat belangrik is. Quantz beskryf die funksie van die *port de voix* as ornamenteel sowel as essensieel (Reilley 1976: 91). Volgens hom sal 'n melodie baie droog en kleurloos voorkom sonder die aanwending van die *port de voix*. Die *port de voix* bevorder konsonansie sowel as dissonansie in 'n melodie en hy stel dit dat die dissonansie die oor eerder moet bevredig as verveel. Volgens Quantz moet *ports de voix*, indien die melodie 'n *galant air*-karakter het, meer konsonansie as dissonansie bevat. Quantz waarsku egter teen te veel agtereenvolgende konsonante

gebruik met die *port de voix*. Daar moet 'n balans gehandhaaf word sodat die eindresultaat die oor van die musikant sowel as luisteraar maksimaal bevredig.

Quantz stel voor dat die *port de voix* baie subtiel met die tong geartikuleer of gebind word. 'n Fyn beheerde crescendo kan selfs gepoog word. Die noot wat die *port de voix* direk opvolg - dus die noot waaraan die *port de voix* gekoppel word- word in dieselfde tongslag as die *port de voix* gespeel ("slurred") en ook sagter geblaas. Hierdie tegniek is ook bekend as "Abzug". Dit is 'n ornamentele gebruik wat sy oorsprong in Italië gehad het en veral deur die Duitse komponiste voorgestel is. Dit word ook omskryf as 'n lang appoggiatura met 'n crescendo (swel) en diminuendo (daling) (Reilly 1976: 93).

Quantz beklemtoon die belangrikheid daarvan dat blote oorsigtelike kennis van die uitvoering van die *port de voix* soos dit aangedui is in die musiek, nie as voldoende kennis aangaande hierdie onderwerp beskou moet word nie. 'n Kennis en aanvoeling vir die aanwending van die *port de voix* op plekke waar dit nie aangedui word nie, is ook nodig. Hy gee die volgende nuttige wenk vir die student: indien 'n noot van langer nootwaarde een of meer noot van korter nootwaarde opvolg (hetsy op die sterk of swak polsslag) en dit binne 'n konsonante harmonie bly, mag 'n *port de voix* voor die noot met die langer nootwaarde uitgevoer word. Die voorafgaande noot sal die rigting van die *port de voix* (dalend of stygend) bepaal.

Quantz (Reilly 1976:97) gee vervolgens 'n goeie voorbeeld waarin die meeste vorme waarin die *port de voix* aangewend word, vervat is. Vir enige houtblaasspeler is dit van besliste waarde om hierdie oefeninge te bestudeer. Dit is Quantz self wat aanbeveel het dat die student eers die oefening met die *ports de voix* speel en dan daarsonder om die stilistiese verskil met die *ports de voix* en daarsonder te ervaar.

Voorbeeld 50 (Bang Mather 1978:62)

Kommentaar: Quantz beveel aan dat die eerste en derde noot van die groepies van vier sestiennotenpatrone effens meer beklemtoon moet word. Dit moet derhalwe effens sterker en langer klink as die tweede en vierde noot van hierdie groepies. Die resultaat hiervan is 'n mate van inégalité.

Uit: Versuch

Moderato

J.J. Quantz 1752

The musical score is written in treble clef with a common time signature (C). It consists of seven staves of music. The first staff begins with a quarter rest followed by a quarter note G4, then a group of four sixteenth notes: A4, B4, C5, and B4. This pattern repeats with various rhythmic values and accidentals. The piece concludes with a final cadence on the seventh staff, ending with a quarter rest.

Voorbeeld 51 (Bang Mather 1978:63)

Kommentaar: Die volgende voorbeeld van Quantz se oefening om *ports de voix* te bemeester is deur Bang Mather (1978:63) baie noukeurig herskryf. Dit is streng gebaseer op Quantz se reëls aangaande *ports de voix*. Volgens Bang Mather is *ports de voix* wat 'n kwartnoot se lengte het, waarskynlik met 'n effense crescendo uitgevoer is. *Ports de voix* wat die lengte van 'n agstenoot het, is weer met 'n effense aksent uitgevoer en deurgaande *ports de voix* onbeklemtoond, voor die polsslag en matig vinnig uitgevoer. Kort *ports de voix* is vinnig, kort en voor die polsslag uitgevoer.

Uit: **Versuch**

J.J. Quantz 1752

Moderato

- 1) *port de voix* neem die waarde van 'n kwartnoot
- 2) *port de voix* neem die waarde van 'n agstenoot
- 3) kort *port de voix*: met 'n ligte aanslag en voor die polsslag uitgevoer
- 4) deurgaande *port de voix*: met 'n matige vinnige aanslag en voor die polsslag uitgevoer

5.5.6.5 *Ports de voix* in kombinasie met dinamiese effekte en versierings

Dinamiese effekte kan ook bygevoeg word met die uitvoer van *ports de voix*. Volgens Quantz (Bang Mather 1978:64) kan die *port de voix* soms met 'n crescendo-swel van die toonklank gespeel word, met 'n subtiele legato ("slur") na die volgende noot, wat 'n decrescendo effek tot gevolg sal hê. In Duits is hierdie decrescendo-effek bekend as "Abzug"; in Italiaans as "messa di voce"¹⁷ en in Frans word verwys na *son enflé et diminué*.¹⁸

Bang Mather (1978:63) stel dit dat *ports de voix* verder "uitgebrei" kan word en wel deur die kombinasie daarvan met versierings: die vinger van die speler kan vinnig op en af beweeg vir een of twee keer wanneer dit gereed maak om die volgende (verhoogde of verlaagde) noot te speel. Dit sal 'n *pincé*¹⁹ of *battement*²⁰ tot gevolg hê in 'n opgaande beweging en 'n *tremblement*²¹ in afgaande beweging.

Volgens Quantz maak hierdie toevoegings tot die *port de voix* die melodie meer briljant (Bang Mather 1978:65). Die *port de voix* se lengte kan verskil van matig vinnig tot selfs aangehou vir feitlik die hele duur van die noot wat dit opvolg. Dit is veral op die finale noot wat die speler se oordeel en gevoel bepaal om te besluit hoe lank hierdie noot verleng moet word alvorens die laaste noot gespeel word.

Die voorbeeld wat volg toon 'n paar komponiste se aanduidings van hoe *ports de voix* uitgebrei kan word in kombinasie met ander versierings.

¹⁷ Sien paragraaf 5.5.7

¹⁸ Sien paragraaf 5.5.7

¹⁹ Sien paragraaf 5.5.5

²⁰ Ook bekend as *tremblement*. Sien paragraaf 5.5.10

²¹ Sien paragraaf 5.5.10

Voorbeeld 52 (Bang Mather 1978:64)

Uit: *Principes...pour le chant*

L'Affilard 1705



Uit: *Pièces de clavecin*

Couperin 1713



Uit: *Pièces de clavecin*

Couperin 1713



Uit: *Pièces de clavecin*

Rameau 1724



Uit: *Méthode...de la flûte traversière*

Corrette c.1735





Uit: *Méthode...à chanter*

Duval 1741



5.5.7 *Son enflé*

Aanduiding: 1) *Son enflé*: 

2) *Son enflé et diminué*: 

Definisie

Son beteken “klank” in Frans en *enflé* beteken “uitgeswel”. Dit is lang note waarop die klank (stem) laat swel word. Die *son enflé* is ‘n nabootsing van die agtiende-eeuse Italiaanse “bel canto” sangtegniek. Wanneer dit as *son enflé et diminué* aangedui word, word ‘n crescendo – decrescendo (swelling en afname of verdwyning van klank) uitgevoer. Hierdie tegniek staan as “messa di voce” (plasing van die stem) bekend (Bang Mather 1978:66).

Quantz verduidelik die uitvoering van die *son enflé et diminué* vir fluitspelers soos volg (Reilly 1976:165):

If you must hold a long note for either a whole or a half bar, which the Italians call “messa di voce”, you must first tip it²² gently with the tongue, scarcely exhaling, then you begin pianissimo, allow the strength of the tone to swell to the middle of the note, and from there diminish it to the end of the note in the same fashion, making a vibrato²³ with the finger on the nearest open hole.

Quantz stel verder voor dat die *son enflé et diminué* op note van ‘n halwe of hele maat se lengte gebruik word. Corrette beweer dat die *son enflé* ook in kombinasie met die *flattement*²⁴ gebruik word, en wel op alle lang note (Bang Mather 1978:66).

‘n Grafiese voorstelling van hoe die *son enflé et diminué* uitgevoer kan word, word vervolgens gegee:

²² “Tip it” verwys na die artikulasie van ‘n noot

²³ In die oorspronklike Duitse teks gebruik Quantz die term “eine Bebung”, wat verwys na ‘n *flattement*.

²⁴ Sien paragraaf 5.5.4

Voorbeeld 53 (Veilhan 1979:42)Uit: *Principes de musique* Michel Pignolet de Montéclair 1736

The image shows two staves of musical notation. The top staff contains a sequence of six notes: G4, A4, B4, A4, G4, F4. Above the first three notes is a wedge-shaped dynamic marking that increases in width, labeled 'klankvolume neem toe'. Above the last three notes is a wedge-shaped dynamic marking that decreases in width, labeled 'klankvolume verminder'. The bottom staff contains a sequence of six notes: G4, A4, B4, A4, G4, F4, with a single wedge-shaped dynamic marking above the entire sequence that increases and then decreases, also labeled 'klankvolume neem toe' and 'klankvolume verminder'.

Voorbeeld 54 (Veilhan 1979:43)Kommentaar: Die *son enflé et diminué* word met 'n \diamond -teken aangedui in die voorbeeld.

Grave e affettuoso

Uit: Sonaten für Violine und B.c.


J.A. Desplanes 1712

The image shows two staves of musical notation. The top staff contains a sequence of notes: G4, A4, B4, A4, G4, F4, E4, D4, C4. Above the first three notes is a diamond-shaped dynamic marking. Above the last three notes is another diamond-shaped dynamic marking. The bottom staff contains a sequence of notes: G4, A4, B4, A4, G4, F4, E4, D4, C4. Above the first three notes is a diamond-shaped dynamic marking. Above the last three notes is another diamond-shaped dynamic marking.

Le Blanc se kommentaar ná 'n uitvoering van die befaamde Franse fluitspeler Michel Blavet lui soos volg (Bang Mather 1978:67):

In spite of all its advantages, the violin met an unexpected competitor in the flute, which detracted from the good opinion the violin had conceived of its own merit and had given to others about the nature of the sound it extracted. The flute was found to declaim better than the violin and to be better at doing the *sons enflés*, and making *diminutions*. After the end of the concert, one took away the opinion that the flute - played by a Blavet, it must be understood - is preferable to the best violin when it is a question of imitating the human voice, which also does not know how to make double stops, as everyone knows...

5.5.8 *Tour de chant*

Aanduiding: 

Definisie

Min beskrywende inligting is beskikbaar oor hierdie versieringskuns, maar daar word tog voorbeelde daarvan aangegee. Een verklaring hiervoor kan wees dat die ornamentasie merendeels in die melodie ingeskryf is en selde as versiering aangedui word. Jacques Hotteterre het egter die *tour de chant* aangedui in komposisies en dit regverdig dus die identifisering en erkenning daarvan.

Die *tour de chant* is 'n melodiese draaisneller wat oorwegend as voorbereiding tot die *tremblement* dien (Bang Mather 1978:79). Kenmerkend van hierdie versiering is die ruspose (rusteken) wat die *tour de chant* voorafgaan en 'n oomblik van afwagting skep.²⁵ Uit gegewe voorbeeld kan die afleiding gemaak word dat die *tour de chant* en die *tremblement* waarmee dit gepaardgaan in een frasering uitgevoer moet word:

Voorbeeld 55 (Bang Mather 1978:79)

Uit: *Premier Livre* Jacques Hotteterre 1708

Tema Uitgevoer



Voorbeeld 56 (Bang Mather 1978:14)

Gravement Jacques Hotteterre 1719
Uit: *L'Art de préluder*

uitgevoer



²⁵ Sien Bylae B p.10: J. de Boismortier: *Première Suite (Prélude)*: mate 3, 8, 18
p.123: J. Hotteterre: *Troisième Suite (Prélude)*: maat 5

5.5.9 *Tour de gosier*

Aanduidings: ∞ § ∞

Sinonieme: Afrikaans: draaisneller; Engels: “turn”; Italiaans: “gruppetto”; Frans: *doublé cadence*

Definisie

Tour de gosier beteken letterlik “vanuit die keel”. Dit word gevorm deur middel van ‘n beweging of omwenteling rondom die hoofnoot: dit begin op die hoofnoot, gevolg deur die noot net bokant die hoofnoot, weer terug na die hoofnoot, gevolg deur die noot net onderkant die hoofnoot en dan terug na die hoofnoot. Hierdie laaste terugkeer na die hoofnoot word soms as deel van die *tour de gosier* aangedui, of soms net as ‘n gewone genoteerde noot.

Voorbeeld 57 (Bang Mather 1978:76)

Uit: *Livre Premier* Jacques Hotteterre 1708

Tema ∞ uitgevoer

The musical notation consists of two staves. The first staff, labeled 'Tema', is in treble clef with a key signature of one sharp (F#). It shows two notes: a quarter note on G4 and a quarter note on A4, with a wavy line above them. The second staff, labeled 'uitgevoer', is also in treble clef with a key signature of one sharp (F#). It shows a sequence of notes: a quarter note on G4, a quarter note on A4, an eighth note on B4, an eighth note on C5, a quarter note on B4, and a quarter note on A4, all under a slur.

Volgens Neumann (1978:466) was die *tour de gosier* in die sewentiende eeu in Frankryk meer bekend as die *double cadence*, hetsy as versiering op sy eie of in kombinasie met die *tremblement*. Chambonnières is moontlik die eerste Franse komponis wat in 1670 die standaard aanduiding vir die *tour de gosier* noteer. Hy verwys ook na die versiering as *double cadence* (Neumann 1978:567):

Voorbeeld 58 (Neumann 1978:467)

Kommentaar: Chambonnières dui die mees algemene vorm waarin die *tour de gosier* voorkom aan. Dit is die ritmiese patroon wat twee tone vanaf die hoofnoot afdaal en weer terugkeer na die hoofnoot:



Die meer gebruikte aanduiding vir die *tour de gosier*: die \approx - teken het volgens Neumann (1978:466) sy oorsprong in Frankryk gehad en is in Duitsland in die eerste helfte van die agtiende eeu en Italië in die tweede helfte van die agtiende eeu as gebruik oorgeneem. C.P.E. Bach het die omgekeerde teken: \approx begin aandui, waarskynlik met die bedoeling dat dit die omgekeerde *tour de gosier* patroon moet aandui. Die twee onderskeie tekens is egter nie konsekwent deur alle komponiste toegepas en aangewend om hulle bedoelings duidelik te maak nie. Die afleiding word verder uit gegewe voorbeelde gemaak dat die *tour de gosier*, soos dit in Frankryk gebruik is, nie algemeen in die omgekeerde vorm voorgekom het nie.²⁶

Voorbeeld 59 (Neumann 1978:467)

Kommentaar: D'Anglebert volg min of meer dieselfde patroon as dié van Chambonnières se voorbeeld, maar voeg 'n saamgestelde *tremblement* agterna. Hy verwys ook na die versiering as 'n *double cadence*.



²⁶ Sien Bylae B p.54: F. Couperin: Second Concerto in F-Dur (*Allemande Fuguée*): mate 9, 11 p.123: J. Hotteterre: Troisième Suite (Prelude): mate 9, 16

Voorbeeld 60 (Neumann 1978:467)

Kommentaar: Wanneer die *tour de gosier* nie deur 'n *tremblement* opgevolg word nie, gebruik D'Anglebert die standaard aanduiding ∞ om dit aan te dui.

D'Anglebert 1689

sans tremblement

Voorbeeld 61 (Veilhan 1979:43)

Kommentaar: Die *tour de gosier* bestaan hier uit slegs drie note en word soortgelyk aan 'n vinnige triool-ritme uitgevoer.

Uit: *Principes de musique* Michel Pignolet de Montclair
1736

Voorbeeld 62 (Bang Mather 19778:76)

Kommentaar: Die *tour de gosier* word met die S-teken aangedui.

Uit: *Principes* L'Affilard 1705

Marpurg (Veilhan 1979:44) wys daarop indien daar 'n bindbogie voorkom tussen die noot wat die *tour de gosier* voorafgaan en die noot waarop die *tour de gosier* aangedui is, die voorafgaande noot nie weer herhaal word in die *tour de gosier* self nie. Dit word dus oorgebind.

Voorbeeld 63 (Veilhan 1979:44)

Uit: Anleitung zum Friedrich Marpurg
Clavierspielen 1755



5.5.10 Tremblement

Aanduidings: t \sim \approx \times tr $+$

Sinonieme: Afrikaans: triller; Engels: trill"; Frans: *cadence*; *battement*

Definisie

Tremblement is die Franse term vir wat algemeen bekend staan as 'n triller: 'n vinnige afwisseling van die hoofnoot met die noot net daarboven. Die *tremblement* uit die Franse Baroktydperk begin oorewegend op die noot net bo die hoofnoot gevolg deur die hoofnoot, maar daar is uitsonderinge waar dit op die hoofnoot self begin.²⁷

Bang Mather (1978:67) doen die volgende indeling van die onderskeie Franse *tremblements*:


²⁷ Sien Bylae B p.138: R. de Visée: Suite in G (Allemande gay): mate 2,3,5,6,7
p.133: J. Hotteterre: Prelude 8 (Modéré): mate 4, 5, 7, 9
p.95: H. Eccles: Sonate (Tendrement): mate 1, 3, 5, 37

- 1) *Tremblement simple*
- 2) *Tremblement lié*
- 3) *Tremblement détaché*
- 4) *Demi cadence*
- 5) *Cadence feinte*
- 6) *Tremblement appuyé*
- 7) *Tremblement tourné*

5.5.10.1 *Tremblement simple*

'n *Tremblement* sonder 'n voorbereiding of afeindiging:

Voorbeeld 64 (Bang Mather 1978:18)

Kommentaar: Die *tremblements* word in die voorbeeld by met 'n -teken aangedui, hoewel dieselfde teken ook vir ander vorme van die *tremblement* gebruik word.

Lentement

Uit: Sonate Op. 8 nr 4

Josef Bodin de Boismortier 1725



5.5.10.2. *Tremblement lié*

Lié beteken "legato" of "gebind". *Tremblement lié* beteken dus gebonde triller. Dit is 'n *tremblement* wat vanaf die voorafgaande noot ('n toon hoër) gebind word. Dit word met 'n bindboog aangedui:

Voorbeeld 65 (Bang Mather 1978:27)

Gigue
Uit: Sonate Op.2 nr 6

Joseph de Boismortier 1724

Fl.1

Fl.2

tremblement lié met  aangedui

5.5.10.3 *Tremblement détaché*

'n *Tremblement* wat losstaande is van die voorafgaande noot.

Voorbeeld 66 (Bang Mather 1978:13)

Fuga da Capella
Uit: Sonata Op.21a

Michel Corrette 1735

Alla breve

Tremblement détaché met  aangedui

5.5.10.4 *Demi cadence*

Demi beteken half of halwe: *demi cadence* verwys dus na 'n halwe, of kort *tremblement*. Dit bestaan oorwegend uit slegs vier note (Bang Mather 1978:67).

Voorbeeld 67 (Bang Mather 1978:21)

Menuet Marie Dominique Engramelle 1775

demi cadence met aangedui

5.5.10.5 *Cadence feinte*

Feinte beteken om voor te gee (Engels: “feigned” of “false”). Dit is ‘n onvoltooide, gebonde halwe triller. Die *cadence feinte* word voorafgegaan deur die noot net bokant dit en word ook aan hierdie noot gebind. Dit bestaan uit drie note. Die *cadence feinte* word slegs as een van die *tremblement*-familie gereken vanweë die feit dat die voorafgaande noot as die eerste noot van die *tremblement* funksioneer (Bang Mather 1978:67).

Voorbeeld 68 (Bang Mather 1978:14)

Le Bucheron (die houtkapper)
Uit: Tonotechnie Marie Dominique Engramelle
1775

Cadence feinte in mate vier en agt met aangedui

5.5.10.6 *Tremblement appuyé*

Appuyé beteken ondersteunend (Engels: “supported”). Die *tremblement appuyé* se aanvangsnoot (die noot net bokant die hoofnoot) word effens langer aangehou om sodoende die aanvang van die *tremblement* self te

vertraag of terug te hou. Dit word as 'n voorbereiding vir die *tremblement* beskou en moenie verwar word met die gebruik om die *tremblement* op die noot van bo af te begin nie (Bang Mather 1978:67).

Voorbeeld 69 (Neumann 1978:270)

a) Rameau 1706 b) Rameau 1724 c) Dandrieu 1724

cadence appuyée cadence appuyée cadence appuyée

Die cadence *appuyée* word in al drie voorbeelde met 'n  teken aangedui

5.5.10.7. *Tremblement tournée*

Sinonieme: Couperin: *tremblement ouvert* (stygend); *tremblement fermé* (dalend); Rameau & Dandrieu: *double cadence*; L'Abbé le fils: *cadence tournée*; L'Abbé Duval: *cadence doublée* (Neumann 1978:272).

Tourné beteken omgedraai (Engels: "turned"). Die versiering staan ook bekend as *double tourné* (*double* impliseer hier "triller") dus is dit 'n triller met 'n draai", of 'n triller wat draai. Die *tremblement tourné* eindig met twee note: die eerste noot 'n halwe of heeltoon laer as die hoofnoot, en die tweede noot 'n herhaling van die hoofnoot. Bang Mather (1978: 68) dui die *tremblements tournés* op die volgende wyses aan:

5.5.10.7.1 Dit kan as gewone note genoteer word:

Voorbeeld 70 (Bang Mather 1978:11)

Prelude

Uit: *L'Art de préluder**Un peu animé et croches égales*

Etienne Hotteterre 1719

tremblement tourné

5.5.10.7.2 Dit kan as versierings aangedui word.

Voorbeeld 71 (Bang Mather 1978:9)

Kommentaar: Die versieringsnote word in mate drie en vier met 'n □ -teken aangedui.

Allemande

Uit: Suite I Op.4

Jacques Hoteterre 1712

5.5.10.7.3 Dit kan met 'n teken bokant die hoofnoot aangedui word:

Aanduiding: $\overset{2}{+}$

Voorbeeld 72 (Bang Mather 1978:84)

Kommentaar: In die voorbeeld word die versierings in mate een en drie aangedui:

Grave

Uit: *Deuxième Livre*

Jacques Hotteterre 1715

double cadence *double cadence*

Dit kan ook as vanselfsprekend aanvaar word om dit saam met enige *tremblement* wat opgaande beweeg, uit te voer; mits tyd dit toelaat.

Volgens Hotteterre (Bang Mather 1978:72) kan die twee eindigende note van die *tremblement tourné* óf legato (gebonde) óf geartikuleerd (getong) uitgevoer word. Dit is egter meer gebruiklik om hierdie note saam met die *tremblement* te bind en wel die daaropvolgende noot te tong:

Voorbeeld 73 (Bang Mather 1978:72)

Kommentaar: In die voorbeeld word die artikulasie deur Hotteterre aangedui. By a) word die twee sestiende note C en D beide nog gebonde gespeel, en die eindigende noot E word getong. In voorbeeld b) word die twee sestiende note E en F getong, sowel as die eindigende noot G. Hotteterre verander ook die artikulasie van die voorlaaste noot F na "ru".

Jacques Hotteterre 1707

Uit: *Principes*

tu tu tu tu tu tu ru tu

5.5.10.8 Voorbereide en onvoorbereide *tremblements*

Die *tremblement* kan direk op die noot bokant die hoofnoot begin, of hierdie noot kan teruggehou word (verleng word). In die geval waar dit direk begin word, staan dit bekend as 'n onvoorbereide *tremblement* en waar dit teruggehou word, as 'n voorbereide *tremblement* (Bang Mather 1978:68).

Voorbeeld 74 (Bang Mather 1978:68)

Uit: *Pièces de clavecin*
onvoorbereide *tremblement* D'Anglebert 1689

Voorbeeld 75 (Bang Mather 1978:68)

Uit: *Pièces de clavecin*
voorbereide *tremblement* D'Anglebert 1689

5.5.10.9 Losstaande en gebonde *tremblements*

'n *Tremblement* wat op 'n swak polsslag val en deur 'n noot 'n toon hoër voorafgegaan is, kan óf as 'n losstaande *tremblement* óf as 'n gebonde *tremblement* hanteer word. Die keuse of 'n gebonde *tremblement* voorbereid of onvoorbereid uitgevoer moet word, moet uit die musikale konteks afgelei word (Bang Mather 1978:68).

Voorbeelde van losstaande *tremblements*:

Voorbeeld 76 (Bang Mather 1978:69)

Uit: *Pièces de clavecin*

François Couperin 1713



Voorbeeld 77 (Bang Mather 1978:68)

Uit: *Principes du violon*

L'Abbé le fils 1761



Voorbeelde gebonde *tremblements*:

Voorbeeld 78 (Bang Mather 1978:69)

Uit: *Pièces de clavecin*

François Couperin 1713



Voorbeeld 79 (Bang Mather 1978:69)

Uit: *Anleitung zum Clavierspielen*

Friedrich Marpurg 1755



5.5.10.10 Onvoltooide *tremblements*

Wanneer 'n kort *tremblement* bokant 'n noot aangedui word, hierdie noot met die voorafgaande noot verbind is en tyd dit nie toelaat om 'n volle *tremblement* uit te voer nie, word die *tremblement* direk op die hoofnoot begin en verminder tot drie of vyf note. In so 'n geval word die voorafgaande noot as die eerste noot van die *tremblement* gereken. L'Abbé le fils beskryf dit 'n *cadence feinte* ("false trill") en Marpurg 'n onvoltooide *tremblement*. Dit kom meestal op swak polsslae voor en daar is weinig verskil tussen die onvoltooide *tremblement* en die gebonde *tremblement*.

Voorbeeld 80 (Bang Mather 1978:69)

Uit: Principes du violon

Joseph Bernabe L'Abbé le fils
1761

uitgevoer

Voorbeeld 81 (Bang Mather 1978:69)

Uit: Anleitung zum Clavierspielen

Friedrich Wilhelm Marpurg
1755

Voorbeeld 82 (Bang Mather 1978:69)

Uit: Anleitung zum Clavierspielen

Friedrich Wilhelm Marpurg 1755

5.5.10.11 *Tremblement* met 'n vooruitneming van die finale (eindigende) noot

Indien die *tremblement* in 'n dalende progressie voorkom en oplos en mits tyd dit toelaat, word die finale noot as 'n enkele noot vooruitgeneem. Dit kan óf saam met die *tremblement* gebonde uitgevoer word, óf geartikuleer word. Dit kan in gewone grootte notasie aangedui word, of as 'n kleingeskrewe noot, of in sommige gevalle moet die speler dit op eie inisiatief invoeg en uitvoer (Bang Mather 1978:71).

Voorbeeld 83 (Bang Mather 1978:72)

Kommentaar: Hotteterre dui die artikulasie wat hy voorstel onder die note aan. Die vooruitneem van die eindigende noot word hier in gewone notasie aangedui.

Hotteterre 1707

Uit: *Principes* vooruitneming van eindigende noot



tu tu ru tu ru tu tu ru tu ru tu tu tu tu tu tu

Voorbeeld 84 (Bang Mather 1978:73)

Kommentaar: Die finale (eindigende) noot word as 'n kleingeskrewe noot aangedui.

Montéclair 1736

Uit: *Principes* vooruitneming van eindigende noot



5.5.10.12 Die kadensiële *tremblement*

Die kadensiële *tremblement* word as 't ware oor die dominant akkoord by 'n volledige kadens uitgevoer. Indien die komponis geen *tremblement* hier aangedui het nie, staan dit die speler vry om dit in te voeg. Corrette en Marpurg dui albei aan dat die kadensiële *tremblement* eers stadig moet begin en dan versnel (Bang Mather 1978:73). Wanneer dit in 'n stygende progressie oplos, word dit met 'n *tour de gosier*, wat uit twee note bestaan, uitgevoer.

Voorbeeld 85 (Bang Mather 1978:73)

Kommentaar: In die voorbeeld dui Hotteterre aan dat die voorbereidende noot (C) die helfte van die hoofnoot (B) se lengte oorneem, alvorens die res van die *tremblement* uitgevoer word.

Montéclair 1736

Uit: *Principes*

Wanneer dit in 'n dalende progressie oplos, word dit met die vooruitnemning van die eindigende noot uitgevoer (sien **voorbeeld 83**).

5.5.10.13 Die halwe kadensiële *tremblement*

Die halwe kadensiële *tremblement* word uitgevoer op die laaste noot van 'n halwe, of onvoltooide kadens. Die voorbereidende noot van die *tremblement* word vir 'n relatief lang tyd aangehou, gevolg deur slegs een of twee kort bewegings van die vingers, wat dan die *tremblement* uitvoer:

Voorbeeld 86 (Bang Mather 1978:74)Uit: *La Véritable Manière*

Feillon-Poncein 1700

**Voorbeeld 87** (Bang Mather 1978:74)Uit: *Traité général*

Lacassagne 1766

5.5.10.14 *Tremblement* wat van onder af voorberei word

Die *tremblement* word ook soms van onder af benader. Dit is relatief min dat hierdie vorm van die *tremblement* in musiek vir houtblaasinstrumente van die Franse Baroktydperk voorkom, maar dit kom wel per geleentheid voor en word derhalwe geïllustreer.

Voorbeeld 88 (Bang Mather 1978:72)

D'Anglebert 1689

5.5.10.15 *Tremblement* wat op die hoofnoot begin

Hierdie vorm van die *tremblement* is nie algemeen uit die Franse Baroktydperk nie, maar word tog deur L'Affilard aangedui. Die relevansie vir

veral blokfluitspelers is om lig te werp oor die onsekerheid of *tremblements* óp die noot of vanaf die noot van bo af begin. Uit gegewe voorbeelde blyk dit dat die *tremblement* wat op die noot begin, baie minder voorkom, indien wel, as wat die geval is met die *tremblement* wat op die noot van bo af begin.

Voorbeeld 89 (Bang Mather 198:72)



5.5.10.16 Note wat met 'n skuifteken verhoog of herstel word

Hotteterre stel dit dat note wat deur 'n kruis- of herstelskuifteken verhoog word, normaalweg met 'n *tremblement* uitgevoer sal word, mits tyd dit toelaat. Indien die komponis dit nie aangedui het nie, kan die speler dit self invoeg en uitvoer (Bang Mather 1978:74).

5.6 ORNAMENTELE GEBRUIKE: *DOUBLES*, *PASSAGES*, *BRODERIES* EN *DIMINUTIONS*

Die term *ornaments* (Engels: "free ornamentation"; Afrikaans: ornamentele gebuie) verwys na die *doubles*; *diminutions* asook die *passages*. Bang Mather (1978:11) voeg by die *passages* ook die *broderies*. Die hoofdoel hiervan is om die struktuur van die musikale teks te versier (Engels: "to diversify") (Veilhan 1979: 49).

Veilhan (1979:49) klassifiseer *doubles*, *diminutions* en *passages* almal as vorme van variasies (Engels: “variations”). Hy haal Loulié as volg aan:

Passages are many little sounds that are interwoven amongst the simple grace notes. These *passages* are commonly called *doubles*. Diminutions, which is a sort of embellishment of the melody, consists of several measured notes put in place of a single one (Loulíé) (Veilhan 1979:49).

Uit bogenoemde aanhaling asook Veilhan se groepering kan (moontlik verkeerdelik) afgelei word dat *passages* ook *doubles* genoem kan word. Bang Mather (1978:81) stel dit egter duidelik dat *doubles* die gevarieerde herhaling van 'n gedeelte van 'n melodie of melodie in geheel is en dat dit dan *passages* sowel as *diminutions* kan bevat. Neumann (1978:526) se definiëring van *doubles* en *passages* stem met dié van Bang Mather ooreen. Hy dien 'n voorbeeld van Bacilly wat in sy verhandeling²⁸ 'n gedeelte afstaan aan die bespreking van *passages* en *diminutions*.

Loulíé onderskei in sy **Éléments** tussen *coulades* (as trapsgewyse skakelings tussen note) en *passages* (ritmies-ongedefinieerde invoegings tussen melodienote). Loulié meld dat *coulades* met kleingenoteerde note aangedui kan word, en *passages* óf aangedui word deur die komponis óf deur die speler geïmproviseer kan word sonder dat die komponis dit aandui (Neumann 1978:528). In die volgende voorbeeld illustreer Loulié op 'n eenvoudige wyse die onderskeid tussen *passages* en *diminutions*:

²⁸ *Airs de cour avec la tablature de la luthe et de la guitarre, Troisième Livre, Parys 1629*

Voorbeeld 90 (Neumann 1978:529)

Kommentaar: Loulié dui die note van die *passages* by a) aan met kleingeskrewe note. 'n Bindboog dui die artikulasie aan. By b) word die onderskeie *diminutions* in gewone grootte notasie aangedui.

Loulié 1696

a) *Passages*



b) *Diminutions*

Tema



Diminution 1



Diminution 2



Diminution 3


5.6.1 *Passages* en *broderies*

Die beweging van een hoofnoot na 'n ander deur middel van 'n aantal kleiner note word *passages* of *broderies* genoem. Bang Mather verwys na *broderies* in die gedeelte waar sy die *passage* bespreek (Bang Mather 1974:11). Sy maak bloot melding van die woord *broderies* en bespreek dit onder dieselfde paragraaf as *passages*. *Broderie* kom wel as sodanig in verskeie bronne voor, soms verwysend na 'n tipe versiering, soms as 'n ornamentele gebruik. Sadie (2001:245) verwys slegs oorsigtelik na 'n *broderie* as 'n onbeklemtoonde nie-harmoniese noot wat 'n half- of heeltoon vanaf 'n hoofnoot, wat dit versier, lê. Dit is egter nie duidelik, indien wel, hoe *passages* veronderstel is om van *broderies* te verskil nie. Die afleiding kan gemaak word dat die twee terme dieselfde betekenis het en dat komponiste beide terme kon gebruik, waarvan daar in meer voorbeelde na *passages* as *broderies* verwys word.

Voorbeeld 91 (Veilhan 1979:49)

Michel Pinolet de Montéclair 1736

The image shows a musical score for two staves. The top staff is labeled 'Tema' and contains a simple melodic line: a half note, a quarter note, and a half note. The bottom staff is labeled 'Passages' and contains a more complex melodic line: a half note, a series of sixteenth notes, and a half note. Both staves have a '+' sign above the second measure. The score is attributed to Michel Pinolet de Montéclair 1736.

Die *broderies* en *passages* word hoofsaaklik aangewend in stadiger bewegings. Uitgewerkte versierings word dikwels hierin vervat en die ritme is kompleks. Hoofmelodienote word dikwels aangehou (of verleng), wat dan die uitvoering van die *broderies* en *passages* ingewikkeld maak om in te pas; dit maak dit meer kompleks en minder vloeiend as werke in die Italiaanse styl, hoewel nie minder melodios of minder aanvaarbaar nie (Bang Mather 1974:12).

Franse preludes bevat dikwels *passages*. In vinniger bewegings word hoofnote verdeel in kleiner nootwaardes; in die meeste gevalle note van gelyke ritmiese waarde. Hotteterre en Montéclair se musiek bevat voorbeelde waar vloeiende agstenoot-progressies die Franse styl in ornamentasie verteenwoordig. Dit is in teenstelling met vinnige sestienoot-progressies, agstenote wat in spronge beweeg en triool-passasies wat die Italiaanse styl verteenwoordig (Bang Mather 1974:12).

Voorbeeld 92 (Bang Mather 1974:99)

Kommentaar: In die voorbeeld dui Hotteterre die *double*²⁹ in die tweede lyn aan. Dit bestaan uit hoofsaaklik agstenoot-progressies wat die melodie laat vloei. Die baslyn word vir harmoniese verwysing ook bygevoeg.

Courante Double: L'Indifferente Hotteterre

Fl.

Double

Basso Continuo

8

Ornamentasie in vinnige bewegings se herhalings het dikwels elemente van beide vorms gehad: ornamentele gebruike sowel as versierings. *Broderies* en *passages* het die stadige bewegings oorwegend versier. Ornamentele gebruike is as hoofmelodienote aangedui, maar ook as klein genoteerde note. Die ritmiese akkuraatheid van sommige van hierdie kleingeskrewe notasie is nie altyd korrek nie, hoewel daar komponiste soos Quantz en Telemann was wat dit baie noukeurig aangedui het (Bang Mather 1974:12).

Die *passage* (en *broderies*) verskil van die *port de voix* en *coulade* in dié dat dit nie, soos die *port de voix* en *coulade*, in toonleerprogressies van een noot na 'n ander

²⁹ By herhaling van die seksie.

beweeg nie, maar wel meer in kleiner progressies rondom die hoofnoot of hoofnote rond beweeg en ronddraai.

Gedurende die sewentiende eeu is improvisatoriese gebruike soos die *passage* en *broderie* deur die musikante self aangebring en uitgevoer. Lully verbied egter improvisasie in die Franse Opera in die agtiende eeu en Franse komponiste dui oor die algemeen hierdie tipe ornamentasie aan waar hulle dit in die musiek wou gehad het. Volgens Montéclair kom hierdie vorm van improvisasie meer onder die instrumentaliste as sangers van die tyd voor. Nie alle komponiste was tevrede met die feit dat musikante self hul werk met ornamentele gebruike versier het nie. Leclair pleit by spelers in die voorwoord tot sy viool- en fluitsonates (1728) om nie self ornamentasie by te voeg nie (Bang Mather 1978:80).

Verdere voorbeelde van *passages*³⁰

Voorbeeld 93 (Veilhann 1979:27)

Kommentaar: Hoteterre dui in die voorbeeld die *passages* aan as *égale* – met die bedoeling dat dit gelykmatig uitgevoer moet word.

Passage- oefening

J.B. Hottterre 1719

³⁰ Sien Bylae B p.51: F. Couperin: *Le Rossignol en Amour (Double Rossignol)*:maat 7
p.10 J de Boismortier: *Première Suite (Première Suite (Prélude)*: mate 4, 5, 7, 17
p.73: L. de Caix D'Hervelois: *Le Pappilon*: mate 56, 57

Voorbeeld 94 (Bang Mather 1978:80)

Uit: *Principes de musique* Michel Pignolet de Montéclair 1736

5.7 OPSOMMING

No one interpretation of a Baroque ornament can be singled out as alone correct. There is no one right interpretation. There can be varied interpretations which are within the style, and therefore right, as well as others which are outside the style, and therefore wrong (Robert Donington)³¹

Die aanduidings van versierings deur komponiste van die Baroktydperk kan tereg beskou word as een van die breedste asook mees teenstrydige vakgebiede. Daar is geen tekort aan die aantal en verskeidenheid voorbeelde wat komponiste nagelaat het nie. Dit is juis hierdie voorbeelde wat dikwels aanleiding gee tot verwarring: komponiste het verskil in hul aanduidings vir dieselfde versierings, so ook met hul onderskeie benaminge daarvan. Deur 'n studie te maak van verskillende komponiste se voor- en afkeure ten opsigte van ornamentasie, kan 'n baie beter begrip gevorm word van hoe werke uitgevoer moet word.

³¹ Robert Donington 1965, soos in Anthony 1998:439

Goeie oordeel, waarna so dikwels deur Barokkomponiste verwys is as die bepalende faktor met die keuse en aanwending van ornamentasie, kan slegs aangekweek word met blootstelling aan verskeidenheid. Hierdie verskeidenheid behels dan 'n vergelyking van die talryke voorbeelde van versierings en ornamentele gebruike wat deur komponiste van die tyd nagelaat is, asook blootstelling aan histories ingeligte uitvoerings, hetsy deur die bywoning van konserte of die beluistering van goeie klankopnames. Die bestudering van ornamentasie is beslis nie net vir die meer gevorderde speler nie: dit is juis van die grootste belang dat jonger studente reeds van 'n vroeë stadium af leiding ontvang en blootgestel sal word aan die kuns van ornamentering, ten einde die goeie oordeel op 'n natuurlike wyse aan te kweek en te ontwikkel. Franse Barokmusiek bied sterk en duidelike riglyne ten opsigte van ornamentasie, juis om die styl op 'n unieke wyse te behou. Die feit dat komponiste duidelike idees gehad het ten opsigte van versierings wat uitgevoer moet word, maak die musiek geensins voorskriftelik nie. Dit kan juis as 'n ideale aanvangsmetode aangewend word om jong musikante voor te stel aan die kuns van ornamentering, aangesien die versierings, mits dit so in die werk aangedui word, noukeurig uitgevoer moet word en baie meer metodies is as dié van die meer improvisatoriese aard van die Italiaanse Barokstyl. Die belangrikste faktor wat in gedagte gehou moet word is dat reëls en riglyne, so streng en voorskriftelik soos dit soms mag voorkom in die Franse Barokstyl, steeds net is wat dit voor staan: riglyne. Dit bly die speler se prerogatief om die nodige aanpassings te doen by sy of haar individuele tegniese vermoëns, binne die konteks van die doel om die werk so ver moontlik in gees van die Franse Barokstyl uit te voer.

HOOFSTUK 6: KOMPONISTE SE BYDRAES TOT DIE FRANSE BLOKFLUITREPERTORIUM

6.1. INLEIDING

In teenstelling met lande soos Italië, Engeland en Duitsland, het die Franse Baroktydperk nie 'n noemenswaardige bydrae gelewer tot die uitbreiding van repertorium wat spesifiek vir die blokfluit gekomponeer is nie. Slegs enkele werke spesifiseer dat dit vir die blokfluit geskryf is. Die rede hiervoor is dat die traverso-fluit die blokfluit in gewildheid oorskadu het. Sy groter omvang en wyer dinamiese verskeidenheid wat dit kon aanbied was die rede hiervoor. Dit kon ook die ornamentasie, een van die belangrikste vereistes vir die uitvoering van 'n werk in Franse styl, beter na vore bring. Die grootste aantal sonates en suites vir fluit in die tydperk van ongeveer 1690-1780 is derhalwe vir die traverso-fluit gekomponeer (Schneider 1996:10).

Die muset kon egter met die traverso-fluit in gewildheid kompeteer en 'n groot aantal komposisies vir hierdie instrument is te vinde in die repertorium uit die Franse Baroktydperk. Dit is by hierdie musiek waar die blokfluit dikwels as alternatiewe solo instrument aangedui word (Carroll 1999:122).

Die vraag ontstaan of daar dan insiggewende voorbeelde uit die musiekliteratuur van die tydperk vir die blokfluit bestaan, en of die blokfluit dan werklik 'n rol gespeel het in hierdie tydperk. Dit is inderdaad so dat die blokfluit wel as solo instrument gebruik is. Hotteterre ag die instrument belangrik genoeg om 'n gedeelte van sy verhandeling **Principes**¹ aan die blokfluit te wy en om omvattende studies spesifiek vir die blokfluit in sy **L'Art de préluder**² te skryf (1719). Daar was in werklikheid min spelers in die

¹ Sien paragraaf 6.2.2.1

² Sien paragraaf 6.2.2.3

Franse Baroktydperk wat slegs blokfluitspelers was; musikante kon verskeie instrumente bespeel en het dit vryelik gewissel in uitvoerings. 'n Houtblaasspeler kon in die meeste gevalle ewe goed traverso-fluit as blokfluit bespeel. Die blokfluit is dus as een van die houtblaasinstrument-familielede gebruik. Musiek is gekomponeer met die bedoeling dat dit met die nodige aanpassings deur meer as een soort instrument bespeel kan word. Hierdie gebruik is dan vryelik toegepas in musiek vir die traverso-fluit, wat, indien dit op die blokfluit gespeel is, deur die blokfluitspeler self aangepas is (Schneider 1996:10).

Hotteterre maak verdere voorstelle vir die moontlikheid om musiek vir traverso-fluit op die blokfluit te kan uitvoer - hy beveel aan dat die musiek vir die traverso-fluit 'n mineur derde hoër getransponeer word om dit meer prakties speelbaar te maak op die blokfluit. Dit is egter moeilik om die praktiese haalbaarheid van hierdie gebruik en hoe dit in Hotteterre se tyd aangewend is, na te vors om te bepaal tot watter mate dit suksesvol toegepas is. Sekere praktiese probleme spruit uit hierdie gebruik voort: daar is sommige toonaarde wat hulle nie verleen tot transponering van 'n derde mineur hoër sonder om tegniese struikelblokke te veroorsaak nie³, of vanweë die feit dat die baslyn sy effektiwiteit as basparty verloor as dit te hoog getransponeer word (Schneider 1996:11)

Dit was die gebruik om musiek vir solo klavesimbel te wysig na 'n *mis en concert*, dit is 'n uitgawe waar die boonste party vir 'n melodiese instrument aangepas is. Die basparty is dan aan 'n "continuo" groep oorgelaat, bestaande uit byvoorbeeld klavesimbel, luit en/of viola da gamba (Schneider 1996:12).

³ Indien die oorspronklike toonaard byvoorbeeld C mineur is en dit moet na E-mol mineur getransponeer word, word dit 'n baie moeilike toonaard vir die blokfluit om in te speel.

6.2 KOMPONISTE SE BYDRAES TOT DIE GEBRUIK VAN DIE BLOKFLUIT IN DIE FRANSE BAROKREPERTORIUM

Melding word in hierdie hoofstuk gemaak van 'n aantal prominente komponiste en voorbeelde van hoe die blokfluit spesifiek aangewend of aangedui is, hetsy in instrumentale komposisies, ballette, operas of arias. 'n Volledige lys van name en komposisies verg 'n studie op sy eie. 'n Selektiewe lys van bekende Franse komponiste wat spesifiek vir die blokfluit en/of traverso-fluit gekomponeer het, word by 6.3 ter insae genoem. Hierdie komponiste se werke word dikwels in die blokfluitrepertorium gevind, veral in eksterne instansies⁴ se sillabusse wat in Suid-Afrikaanse musiekonderrig leerplanne ondersteun word.

6.2. 1 Jean Baptiste Lully (1632-1687)

Die blokfluit se ontwikkeling as orkes- en later kamermusiekinstrument, het veral in die Franse Baroktydperk sy ontstaan gehad, meer spesifiek in Jean Baptise Lully se orkeste. Lully het gebruik gemaak van die onderskeie families (groottes) blokfluite, maar het veral twee altblokfluite in sy komposisie ingesluit. Die blokfluit is ook aangewend om sekere emosies te verteenwoordig en musikaal uit te beeld. Die bonatuurlike, pastorale-, liefdes- of begrafnistonele het dikwels blokfluite gehad wat hierdie tonele uitgebeeld het of as begeleiding aangewend is. Soos die geval met die meeste van Lully se musiek vir houtblaasinstrumente, het dit nie tegniese hoë eise aan die speler gestel nie. Voorbeelde van Lully se werke waar die blokfluit gebruik is (Carroll 1999:122):

- Die *comédie ballet Les Amants magnifiques* (1670)
- Die opera *Atys* (1676)
- Die ballet *Le Triomphe de l'amour* (1681).

⁴ Universiteit van Suid-Afrika (UNISA); Associated Board of the Royal Schools of Music (Royal Schools), London; Examination Board of the Trinity College of London (Trinity).

6.2.2 Die Hotteterre-familie

Die name van verskeie lede van die Hotteterre-familie word gevind onder die lyste van name van musikante van die Koninklike Perderuiters van Lodewyk XIV en Lodewyk XV gevind. Hulle word aangedui as hobo-, muset-, fagot en "traverso"-fluitspelers en het ook vir hierdie instrumente gekomponeer. Die belangrikste bydrae van die Hotteterre familie is die verbetering wat hulle aan instrumente se ontwerpe aangebring het. Gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu het hulle onder meer die hobo se ontwerp so verbeter dat Lully dit in sy *Les Douze Grands Houtbois du Roi* (die Twaalf Koninklike Hobospelers) gebruik het. Die silindriese fluit met ses gate was tot in hierdie stadium 'n instrument met 'n beperkte omvang en dikwels onbetroubare intonasie. Onder die Hotteterre familie se vindingrykheid verander hulle die ontwerp na 'n koniese boring met 'n klep vir die lae D-kruis (Hunt 1977:39).

Houtblaasinstrumente is tot voor die Hotteterre familie se koms meestal in een of hoogstens twee dele gemaak. 'n Taamlike lang stuk hout sonder swak plekke is hiervoor benodig, asook groot en onpraktiese masjinerie om dit mee te vervaardig. Die Hotteterres verander die ontwerp deur die instrumente in drie dele te vervaardig. Dit het dus 'n korter stuk hout benodig en die masjinerie vir die boring is aangepas. Hierdie verandering in ontwerp het beter vakmanskap tot gevolg gehad en die akkuraatheid waarmee instrumentmakers kon werk, het die standaard van instrumentvervaardiging aansienlik verhoog. Die familie verander dan ook die vorm van die ente van die dele van die blokfluit en gee dit 'n karakteristieke ronding (Hunt 1977:38). Die beste materiale, soos ivoor, skilpaddop, silwer en selfs goud is in die vervaardigingsproses gebruik om die instrument te versier. Dit was 'n bepalende bydraende faktor wat tot die grootskaalse groei in gewildheid van houtblaasinstrumente, en in besonder die traverso-fluit en blokfluit, gelei het (Hunt 1977:39).

Die tuiste van die Hotteterre-familie, die dorpie La Couture-Boussey wes van Parys, is vandag bekend as een van die belangrikste sentra vir die houtblaasindustrie. Die

oorspronklike Hotteterre familiewoning dien vandag as 'n museum vir houtblaasinstrumente (Hunt 1977:38).

Die bekendste familielid van die Hotteterres is ongetwyfeld Jacques Hotteterre le Romain (1680 – 1760). Die “Le Romain”- agtervoegsel het na alle waarskynlikheid sy oorsprong ná 'n besoek van Hotteterre aan Rome, Italië, gehad (Hunt 1977:41). Hotteterre was een van die musikante van die Koninklike Perderuiters van Lodewyk XIV. Benewens 'n hofmusikant, 'n bedrewe komponis van verskeie komposisies vir die traverso-fluit en blokfluit, was hy ook 'n hoogaangeskrewe onderwyser en baanbreker instrumentemaker.

'n Skildery deur Robert Tournières beeld 'n flambojante Hotteterre, geklee in die jongste mode van die tyd, saam met Michel la Barre en 'n paar ander musikante uit. Op sy skoot hou hy 'n ivoor traverso-fluit vas wat hy self ontwerp en vervaardig het (Douglas 1983:ii).

Hotteterre se blokfluite word vandag nog allerweë beskou as van die mees charismatiese instrumente (Laurin 1995:6). Dit dien steeds as rolmodelle vir moderne blokfluitbouers vir die ontwerp en vervaardiging van houtblokfluite (Hunt 1977:39).

Benewens die bydrae wat Hotteterre as instrumentemaker en komponis gelewer het, publiseer hy ook verskeie verhandelings van belang.

6.2.2.1 Principes de la flûte traversière ou flûte d'Allemagne, de la flûte à bec, ou flûte douce, et du haut-bois⁵ (Parys 1707)

Die waarde van hierdie kort, maar insiggewende publikasie lê daarin dat dit as rolmodel vir musikante gedien het. Aspekte wat Hotteterre hierin aanspreek handel

⁵ Hierna verwysend as “Principes”

onder andere oor die postuur, artikulasie, *embouchure*, ornamentasie, gewone vingersettings en alternatiewe vingersettings vir trillers. Hy begin deur 'n omskrywing van die traverso-fluit te gee waarna hy 'n gedeelte aan spesifiek die blokfluit wy (Hunt 1977:40).

6.2.2.2 **Méthode pour la Musette** (Parys 1737)

6.2.2.3 **L'Art de Préluder sur la flûte traversière, sur la flûte-à-bec, sur le hautbois, et autres instruments de dessus**⁶ (Parys 1729).

Die **L'Art de Préluder** het 'n bepaalde betekenis in soverre Hotteterre hierin 'n verduideliking bied aangaande twee tipes preludes: die eerste tipe is 'n gekomponeerde prelude soos byvoorbeeld by die eerste beweging van 'n suite of sonate. Die tweede tipe prelude is *die Prélude de Caprice* wat volgens Hotteterre die ware prelude is en waaroor hierdie verhandeling dan gaan (Hunt 1977:41).

Die eerste gedeelte van **L'Art** is die *Préludes sur tous les Tons pair la Flûte Traversière* (preludes op elke toonvlak vir die traverso-fluit). Hoewel die preludes vir die traverso-fluit aangedui word, val dit ook binne die omvang van die blokfluit (*flûte-à-bec*). Hotteterre dui dit aan met 'n klein kantlynskets wat soos die mondstuk van 'n blokfluit lyk.

⁶ Hierna verwysend as "**L'Art de Préluder**"

Voorbeeld 1: Aanduiding deur Hotteterre in sy *L'Art de Preluder* dat die musiek binne die omvang van die blokfluit val (Hunt 1977:42).

Kantlynskets
van blokfluit
mondstuk →

P R E L U D E S
C. Sol, ut, Tierce Naturelle.

Die volgende gedeelte is die karakteristieke studies (*traits*). Hierdie studies is ook gespesifiseer vir die traverso-fluit. Die gedeelte wat hierdie studies opvolg, het spesifiek op die blokfluit betrekking. Hotteterre begin die gedeelte met 'n reeks *arpeggio*-oefeninge vir die blokfluit in al die majeur- en mineurtoonaarde.

Die daaropvolgende sestien bladsye word gewy aan preludes en studies vir die blokfluit, gevolg deur 'n gedeelte wat musikale aspekte soos modulasies, kadense, transponering en tydsoorttekens aanspreek (Hunt 1977:42).

6.2.3 François Dieupart (c.1670-c.1740)

François Dieupart, ook bekend as Charles Dieupart, se bydrae tot die musiekrepertorium is nie kwantitatief nie, maar wel kwalitatief. Hy lewer veral 'n belangrike bydrae tot die geskiedenis van musikale werke. Sy ses suites vir klavesimbel is met 'n aparte partituur vir 'n melodiese instrument, asook 'n besyferde baslyn uitgegee. Hierdie uitgawe vir 'n melodiese instrument is ontleen aan die oorspronklike klavesimbelpartituur sonder enige transponering van die oorspronklike toonaard (Schneider 1996:12).

Die klavesimbelsuites is die eerste versameling suites vir klavesimbel in die Franse styl. Die vorm van 'n kenmerkende Franse suite word gevolg: dit begin met 'n *ouverture*, gevolg deur tipiese dansbewegings in 'n spesifieke volgorde van *allemande*, *courante*, *sarabande*, *gavotte*, *menuet* en *gigue*.

Die suites is onmiskenbaar "Frans" in die idiomatiese benadering van die klavesimbelparty asook die hoogs gedetailleerde aanduidings vir ornamentasie (*agréments*). Daar is subtiele aanduidings van Europese invloede in Dieupart se suites te bespeur: die wye melodiese strekking kan op 'n Italiaanse of Engelse invloed dui (Dieupart het inderdaad in Engeland gebly vanaf ongeveer 1700 tot en met sy dood in 1740), en die vorm herinner aan dié van die klavesimbelsuites van Buxtehude (Schneider:1996: 12).

Hierdie suksesvolle, dog subtiele, vermenging van style was waarskynlik die inspirasie vir Johann Sebastian Bach om twee van Dieupart se suites met die hand te kopieer. Die indruk wat hierdie werke op die jong Bach gemaak het, spreek duidelik uit die feit dat sy eie klavesimbelsuites geskool is op die prototipe karakter van Dieupart se suites. Bach se Franse en Engelse suites bevat tematiese materiaal wat duidelik ontleen is aan dié van Dieupart se suites (Schneider:1996: 12).

Dieupart se werke leen hulle tot die uitvoering daarvan op verskillende lede van die blokfluitfamilie, wat die blootstelling en veelsydigheid van die instrument verhoog. Dit maak die musiek meer speelbaar en toeganklik. Die tenoor in D (“*voice flute*”) asook die sopraan in B-mol (“*fourth flute*”) maak dit moontlik om Dieupart se werke in die oorspronklike toonaarde uit te voer sonder verdere transkripsies, of om dit ‘n oktaaf hoër te speel. Dieupart dui die suites in toonaarde met kruis-toonsoorttekens aan vir die tenoor in D en die suite in B-mol majeur vir die sopraan in B-mol. Hy stel die luit of *viola da gamba* voor vir die continuo (Schneider 1996:12).

6.2.4 Jean-Daniel Braun (- c. 1720)

Jean-Daniel Braun se solowerke vir blokfluit, *Pièces sans basse* (1770), lewer ‘n baie interessante punt van bespreking. Volgens Michael Schneider (1996:12) stem dit oorwegend nie ooreen met die eienskappe van die Franse styl nie, maar eerder met dié van die Duitse styl. Die versameling bevat werke met ‘n didaktiese inslag, dus studies, en het ook in versamelings van ander komponiste soos Quantz en Blockwitz verskyn. Dit dien moontlik as inspirasie vir die *Partita in A mineur* vir solo fluit van Bach (wat hy vir die Franse fluitspeler Buffardin gekomponeer het), aangesien daar ooreenkomste in die uitvoeringstyl asook met die uitleg van Braun se werk is. Volgens Schneider is die *Pièces sans basse* na alle waarskynlikheid nie deur Braun self gekomponeer nie, maar wou hy bloot net hierdie komposisies aan die Franse bekendstel (Schneider 1996:12).

Die relevansie van bogenoemde agtergrond van hierdie werk is in belang van die speler: daar is enkele van die studies uit die *Pièces sans basse* wat in Suid-Afrika algemeen voorgeskryf word vir kunswedstryde en ook in voorgeskrewe eksamensillabusse voorkom. Die bekendste voorbeeld hiervan is die *Lamentarole*. Hierdie werk is meer bekend as deel van die bundel “Fifteen Solo’s for the treble recorder by masters of the eighteenth century”, saamgestel deur Giesbert. In hierdie uitgawe word slegs verwys na “werke van onbekende komponiste uit die agtiende

eeu". Sou die speler of onderwyser nie bewus wees van die agtergrond van hierdie werk nie, kan dit maklik foutief geïnterpreteer word: die *Lamentarole* word in die "Fifteen Solo's" as *Lamentarolā* omskryf en in die *Pièces sans basse* as *Lamentarolē*. 'n Verdere punt waarop gelet moet word is dat die *Lamentarole* uit die Braun versameling in die toonaard van G mineur is, terwyl die voorbeeld van Giesbert uit die "Fifteen Solo's" in A mineur is. Die onderskeie studies in die bundel verteenwoordig verskillende style, waaronder ook die Franse styl. Die *Lamentarole* verleen dit beslis meer tot die Franse styl, aangesien dit oorwegend uit passasies van agstenote bestaan wat dan met bindbogies gegroep is. Hierdie gebruik ressorteer onder die praktyk van *inégalité*⁷, 'n sterk eienskap van die Franse Barokstyl.

Voorbeeld 2: Jean-Daniel Braun: *Lamentarole* uit *Pièces sans basse*

Aanduidings vir *inégalité* met bogies aangedui

G mineur

Lamentarole

The image shows a musical score for a piece titled 'Lamentarole' in G minor. The score is written on four staves of music. The first staff begins with a treble clef, a key signature of one flat (B-flat), and a common time signature (C). The music consists of a series of eighth notes, many of which are grouped together with slurs and have small accents above them, indicating the 'inégalité' technique. The second staff continues the melodic line with similar phrasing. The third staff shows a continuation of the piece with more slurred eighth notes. The fourth staff concludes the piece with a final cadence. The piece is marked with a '5' at the beginning of the first staff and a '14' at the beginning of the fourth staff, likely indicating measure numbers.

⁷ Sien paragraaf 4.1

Voorbeeld 3: Anonieme komponis: "Lamentarola" uit "Fifteen Solo's for the treble recorder"
(Uitgewer:Schott 2562A)

A mineur

Lamentarola

The image shows a musical score for a piece titled "Lamentarola". It consists of six staves of music, all in treble clef. The key signature is one flat (B-flat), and the time signature is 4/4. The music features a variety of rhythmic patterns, including eighth and sixteenth notes, often grouped with slurs. There are several accidentals, including flats and naturals, throughout the piece. The score is presented in a clean, black-and-white format.

6.2.5 Joseph Bodin de Boismortier

Joseph Boismortier (1691-1755) lewer 'n belangrike bydrae as blokfluitkomponis. Behalwe sy duette vir blokfluit, komponeer hy ook ses trios vir traverso-fluit (Opus 7), wat hy ook vir die blokfluit getransponeer het. Sy bydrae in die vorm van concerti sluit in:

- *Zampogna* (vir blokfluit, hobo en continuo)
- Ses concerti vir traverso-fluit "of ander instrumente", waaronder die blokfluit ook aangedui word

- 'n Concerto vir blokfluit, viool, hobo en continuo (Hunt 1977:43)
- 'n Concerto vir blokfluit, hobo, viool, fagot en continuo (1732). Hierdie concerto word saam met vyf trios vir traverso-fluit, fagot en continuo as Opus 37 uitgegee. Die concerto vir blokfluit kom voor as 'n tipe "Franse weergawe" van die kamerconcerto wat ooreenstem met Vivaldi se komposisies vir dieselfde kombinasie instrumente. Die eerste en laaste bewegings bied aan al die solo instrumente geleentheid om na vore te tree en die stadige middelgedeelte lewer 'n goeie voorbeeld van Franse kamermusiek (Carroll 1999:123).

6.2.6 Marc Antoine Charpentier

Marc Antoine Charpentier (1634-1704) het in sy gewyde musiek en operas die blokfluit op soortgelyke wyse as sy tydgenoot, Lully, aangewend en wel in die volgende komposisies:

- 'n Mis, *Messe pour les trepasses* (16c.1670)
- 'n *Tragédie mise en musique Médée* (1693). In hierdie werk gebruik Charpentier twee traverso-fluite, twee altblokfluite en 'n basblokfluit (Carroll 1999:122).

6.2.7 Marin Marais

Marin Marais (1656-1728) se *Pièces en trio* (1692) vir twee blokfluite en continuo is sover bekend die eerste trio sonates wat in Frankryk gepubliseer is. Dit bestaan uit dansbewegings wat in suites as werke voorkom (Carroll 1999:122).

6.2.8 Philidor Fils Aîné

Philidor Fils Aîné se komposisies vir die traverso-fluit (uitgegee in c.1714), dui die blokfluit as eerste alternatiewe instrumentkeuse bo die viool en hobo aan.

6.2.9 François Couperin

François Couperin (1668 -1733) se *Le Rossignol-en-amour* uit sy *Quatorzième Ordre* (*ordre* verwys na 'n reeks of *suite* instrumentale stukke in dieselfde toonsoort) (Ottermann & Smit 2000:181). is 'n bekende werk uit die blokfuitrepertorium en kan op die sopranino sowel as die sopraanblokfluit gespeel word. Dit bevat 'n nota aan die einde van die werk, deur Couperin geskryf, wat soos volg lui:

Hierdie nagtegaal (*Le Rossignol*) sal 'n goeie fluit solo uitmaak, mits dit goed gespeel word.⁸

LE ROSSIGNOL EN AMOUR

Voorbeeld 4 François Couperin: "Le Rossignol en amour"

[1668 - 1733]
(Edited and arranged by Carl Dalmatic
Harpichord part by Christopher Wood)

(a) Lentement et très tendrement quoy que mesure

(b) Accents plaintifs

(c) Augmentés par gradations imperceptibles

DOUBLE DU ROSSIGNOL

très lentement

⁸ Die oorspronklike in Frans is: "Ce Rossignol réussit sur la Flûte Traversière on ne peut mieux, quand il est bien joué" (Hunt 1977:43).

6.3 AANVULLENDE LYS⁹ VAN FRANSE KOMPONISTE WAT OOK VIR DIE BLOKFLUIT GEKOMPONEER HET

- Bâton, Charles Aubert, Jacques (c.1700-1754)
- Blavet, Michel (1700-1768)
- Boismortier, Joseph Bodin de (1689-1755)
- Braun, Jean-Daniel (?-1728)
- Caix d'Hervelois, Louis de (1680-1755)
- Charpentier, Marc Antoine (1634-1704)
- Chédeville, E. Ph. l'Aine (1696-1762)
- Chédeville, Nicolas (1705-1782)
- Corrette, Michel (1709-1795)
- Couperin, François (1668-1733)
- Dandrieu, Jean-François (1695-1752)
- Danican Philidor, Anne (1681-1728)
- Danican-Philidor, Pierre (1681-1731)
- Derosier, Nicolas (1645-1702)
- Dieupart, François (c.1667-c.1740)
- Dornel, Louis-Antoine (c.1685-1765)
- Eccles, Henry (c.1640-1711)
- Freillon-Poncein, J.P. (?-1708)
- Hotteterre, Jacques Martin ("Le Romain") (c.1680-1760)
- La Barre, Michel de (1675-1745)
- Lavigne, Philibert de (c.1700-1739)
- Lebègue, Nicolas (1631-1702)
- Leclair, Jean Marie (1697-1764)
- Lully, Jean Baptise (1632-1687)
- Marais, Marin (1656-1728)
- Montéclair, Michel Pignolet de (1667-1737)
- Naudot, Jacques-Christophe (c.1690-1762)
- Quentin, Bertin (?-1767)
- Valentine, Robert (1674-1735)

⁹ Datums verkry uit: Green (1985); Winkler-Haller (1989:9); Sadie (2001).

6.4 OPSOMMING

